

# Privaatregtelike perspektief op onwaardigheid om te erf – die uitwerking van gesinsmoorde

Linda Schoeman-Malan

---

M.C. Schoeman-Malan, Departement Privaatreg, Universiteit van Pretoria

---

## ***Opsomming***

Suid-Afrika is onlangs deur 'n vloedgolf gesinsmoorde getref. Teen die agtergrond van hoë misdaadsyfers word die uitwerking van so 'n wandaad uit 'n privaatregtelike oogpunt ondersoek. 'n Moord het sekere strafregtelike gevolge, maar dit werk outomaties ook in op die erfregtelike sfeer van die privaatreg deurdat die vermoënsgoedere van die vermoorde ingevolge die erfreg onder erfgename verdeel word. Die onwaardigheidsbeginsel bekend as die "bloedige hand" wat 'n wandader verhoed om te erf, en die oorhoofse gemeenregtelike onwaardigheidsbeginsel wat behels dat geeneen voordeel mag trek uit sy eie onregmatige optrede nie, word bespreek met verwysing na die grondslag van hierdie beginsels. Die volgende relevante aangeleenthede word toegelig: die impak wat moord, naas die kriminaliteit daarvan, op die erfreg en boedelberedderingsproses het; gesinsmoorde en die uitwerking van opsetsmisdade deur een gesinslid op 'n ander; die aanwending van die "bloedige hand"-beginsel in gevalle waar die wandader op onderhoud of die betaling van regskostes uit die boedel van sy slagoffer aanspraak maak; die interaksie tussen strafsake (weens moord) en siviele gedinge (weens onregmatige bevoordeling) en die wanverhouding tussen die graad van straftoemeting en sivilregtelike gevolge; die uitwerking van regverdigings- en skulduitsluitingsgronde op die waardigheid al dan nie om te erf en ander finansiële voordele te neem; enkele ander relevante aspekte by doodsveroorzaaking en onwaardigheid, soos representasie en volgorde van dood; en die praktiese toepassing van die onwaardigheidsbeginsel deur die eksekuteur en die meester tydens die beredderingsproses van die slagoffer en sy nabyverwante se boedels. Vervolgens word die vraag gevra of daar voldoende kennis geneem word van die onwaardigheid van die misdadigers om bevoordeel te word, ook waar daar 'n tydsverloop tussen die pleeg van die misdaad, die identifisering van die moordenaar en die dood van nabyverwante is. Ten slotte word aanbeveel dat statutêre formulering van die gemeenregtelike beginsels tot die effektiewe toepassing daarvan kan bydra.

**Trefwoorde:** Blaamwaardigheid; bloedige hand; erfreg; moord; onbevoegdheid; onregmatigheid; ontoerekeningsvatbaarheid; onwaardigheid; opsetsmisdade; privaatreg; regverdigingsgrond; siviele gedinge; strafsake; wederregtelikheid

## Abstract

### Private law perspective on unworthiness to inherit – the effect of family murders

Crime in South Africa is rife and, as reported daily in newspapers and magazines, murder is one of those serious crimes that has reached unprecedented levels. What is even more disconcerting is that South Africa has recently been struck by a tidal wave of family slayings. Crimes within families are attributed to social ills such as a violent society, adverse economic conditions, substance dependency and drug abuse. Negative social trends such as family violence and murder that affect the family accordingly have a definite impact on the law of succession.

This article focuses on the consequences of family slayings from a criminal as well as a private law perspective, with specific emphasis on the law of succession and the principle of unworthiness to inherit from a victim or to take any other benefit from the estate or even from outside the estate of a deceased person. The general principle of unworthiness has its roots in common law. A person who unlawfully and intentionally or in certain circumstances negligently kills someone cannot inherit from the victim's estate. This incapability can be arrived at in two ways: first, in terms of the general principle of unworthiness that no person may be enriched by his or her own unlawful conduct, or benefit from conduct that is punishable; secondly, in terms of the specific unworthiness also known as the "bloody hand" principle ("de bloedige hand en neemt geen erffenis") which finds application in the law of succession. According to the latter principle a person who wrongfully caused the death of a deceased is precluded from inheriting or taking any benefit from the estate of the deceased or a close family member (*conjunctissimi*) of the deceased.

It is sometimes argued, with reference to the so-called Domat gloss, that the grounds underlying the principle of unworthiness are not static and that the common law should be developed also to include those grounds that presently offend the *boni mores* of society. Domat states: "The causes which may render the heir unworthy of the succession are indefinite ... But if there should happen any other case where good manners and equity should require that an heir should be declared unworthy, it would be just to deprive him of the inheritance."

The view taken in this article is that the general principle of unworthiness provided for in our common law is broad enough to provide for any shift in public policy over time. Accordingly, the general common law policy need not be developed to provide for any change in the *boni mores*, but needs only to be applied by taking into account what public policy evolves at any given time.

The murder of one family member by another brings both criminal law and the law of succession into play. If the perpetrator is found guilty of the crime, he or she will be punished according to the dictates of criminal law. The underlying principle is that society has to be protected against criminals who are guilty of unlawful intentional (or negligent) homicide. On the other hand private law protects the victim and his or her property against the unlawful and culpable conduct (murder or assault) of the wrongdoer by holding that such a perpetrator is not competent to receive any financial advantage from (that is, to be enriched by) the unlawful conduct. The benefits of which the wrongdoer is deprived include taking an

appointment as executor or trustee of a trust created by the testator of the deceased estate, or as guardian of minor children of the deceased.

A family murder has a direct impact on the law of succession in that a number of persons' estates have to be divided. These principles apply automatically regardless of whether or not there has been a conclusion in a criminal case. Both reported and unreported cases concerning family murders are discussed in the context of unworthiness to inherit or to be otherwise enriched. The number of criminal cases and the correlation between a criminal indictment and the perpetrator's unworthiness to inherit from the victim and the latter's close relatives are considered. It appears that the possible outcome of criminal cases and consequences for the murderer are often anticipated by the press, while the applicable principles of the law of succession are seldom raised.

In the context of family slayings the article continues to differentiate between murders of one spouse by another, of a child or children or an entire family by one or both parents, and of a parent or parents by their child or children. The applicability of aspects such as unworthiness to inherit from *conjunctissimi* (close relatives, including the spouse, parents and children of the victim), the sequence of death (*commorientes* are people who die simultaneously and are regarded as predeceased), representation (section 1(7) of the Intestate Succession Act and section 2C(2) of the Wills Act) and the vesting of rights will depend on the relationship between the offender and the victim.

The theoretical basis of the principle of unworthiness and the applicability thereof in the context of family murders are compared with the practical application thereof. Further aspects that have of late come to the fore, such as claims against the estate for maintenance and payment of legal costs for the defence of the accused from the estate of the deceased, are discussed with reference to *S v Lotter*. In this case two children murdered their parents. Their claim for maintenance and the legal costs of their defence were dismissed, since they were found to be unworthy to benefit from the estate of their murdered parents.

Grounds of justification which negate unlawfulness as applied in the law of delict as well as in criminal law are considered. If the act is not wrongful the actor will be worthy to inherit or to take benefits. With regard to the requirement of accountability, defences such as youthfulness or mental disability will result in the beneficiary's not being blameworthy and thus capable of inheriting.

When the estate of multiple family members has to be administered concurrently the role of the executor and the master become especially intricate. The duty of the executor and the master to apply and enforce the rule of unworthiness during the administration process is analysed, and interrelated aspects are illuminated in context. The problem is not that the rules of unworthiness are problematic, but lies in the application of the principles by people who do not necessarily have the required legal background and are therefore not familiar with the applicable legal principles.

In order to address the problem it is suggested that statutory reform be considered so as to clearly set out the common law principles in an easily accessible codified form. In the event of uncertainty, and as the Administration of Estates Act expressly provides that the court has

the final say in matters of the administration of estates, the executor should approach the court for appropriate declaratory relief. Normally a wrongdoer will be unworthy and the onus will be on the aggrieved heir or potential beneficiary to object to the liquidation and distribution account and approach the court for assistance.

**Keywords:** accountable; blameworthy; bloody hand; civil proceedings; criminal cases; incapacity; incompetence; intended crimes; law of succession; murder; private law; unlawfulness; unworthiness; wrongfulness

## 1. Inleiding

### 1.1 Misdaad in gesinsverband

Misdaad vier hoogty in Suid-Afrika.<sup>1</sup> Moord is een van die misdade wat ongekende afmetings aanneem en waaroor daaglik in koerante en tydskrifte berig word.<sup>2</sup> Die toename in gesinsmisdade word hoofsaaklik aan sosiale eeuwels soos 'n gewelddadige samelewing,<sup>3</sup> die swak ekonomiese omstandighede waarin mense hulle bevind, middelafhanklikheid en dwelmmisbruik toegeskryf.<sup>4</sup> Die pleeg van moord is op sigself in enige konteks 'n gruwelike daad: 'n mens se absolute reg op lewe word hom onregmatig ontneem.<sup>5</sup> Wat verder onrusbarend en skokkend is, is moord in familie- en/of gesinsverband.<sup>6</sup> In die onlangse verlede het verskeie gesinsverwante moorde Suid-Afrikaners geskok en verslae gelaat. Enkele sodanige misdade wat die land aangegryp het, was die moord op Taliep Petersen deur sy vrou en medepligtiges,<sup>7</sup> die Anni Dewani-geval, waar 'n jong vrou op haar wittebrood ontvoer en vermoor is,<sup>8</sup> die grumoord op die Lotter-egpaar in Durban deur hulle kinders,<sup>9</sup> en die moord van dominee Brits en die wreedaardige aanval op sy vrou deur hulle aangenome seun, Martin.<sup>10</sup> Verdere gesinsaanvalle wat die land en onderskeie gemeenskappe in rou gedompel het, was die sogenaamde Modimolle-aanval, waar 'n vrouw deur haar voormalige man aangerand, geskend en verkrag en haar seun doodgeskiet is,<sup>11</sup> en die onlangse voorval waar Paul Nothnagel na bewering sy gewese vrouw verwond en sy twee tienerdogters koelbloedig doodgeskiet het.<sup>12</sup> Tydens die sogenaamde Griekwastad-moorde is drie lede van 'n gesin doodgeskiet en 'n minderjarige staan tans tereg op aanklagte van moord.<sup>13</sup>

Die gemene deler in al bogenoemde moorde en aanrandings, en vele ander sake waarna hier onder verwys word, is dat daar bewerings is, of reeds bewys is, dat die opsetsmisdade deur iemand in familie- of gesinsverband gepleeg is. Afgesien van die absolute tragedie van hierdie moorde laat dit 'n mens met 'n gevoel van verbystering oor wat 'n persoon daartoe dryf om sy geliefdes te vermoor of te probeer vermoor.<sup>14</sup> Die motiewe vir so 'n daad wissel van gierigheid tot wraak.<sup>15</sup> Indien finansiële gewin die motief vir die daad is, is die uitkoms dikwels nie wat die wandader beoog het nie.<sup>16</sup>

### 1.2 Gevolge van geweldsmisdade

By die pleeg van 'n moord deur een gesinslid op 'n ander tree beide die straf- en die erfreg in werking.<sup>17</sup> Die misdadiger sal aangekla word van moord en by skuldigbevinding dienooreenkomsdig gestraf word. Die onderliggende beginsel is dat die gemeenskap

beskerm word teen misdadigers wat skuldig is aan opsetlike wederregtelike doodslag.<sup>18</sup> Daarteenoor verleen die privaatreg beskerming aan die slagoffer deurdat die vermoënsgoedere van die oorledene teen die onregmatige en skuldige optrede (moord of aanranding) van die dader beskerm word. Die beskerming manifesteer in die vorm van onbevoegdheid aan die kant van die wandader om finansiële voordeel (verryking) uit die pleging van die misdaad te mag trek.<sup>19</sup>

Telkens wanneer iemand te sterwe kom, ongeag die oorsaak van afsterwe of ouderdom van die oorledene, sal die boedel van daardie persoon vanuit 'n erfregtelike oogpunt oopval en die beredderingsproses in werking tree.<sup>20</sup> Indien 'n gesinsmoord plaasvind, het dit 'n direkte invloed op die erfreg deurdat meerdere persone se boedels verdeel moet word. Komplekse aspekte soos volgorde van dood, vestiging van regte en onwaardigheid van die dader moet by verdeling van die boedel in ag geneem word.<sup>21</sup> Sosiale tendense (gesinsgeweld en moord) wat die gesin raak, het dus 'n besliste uitwerking op die erfreg.<sup>22</sup>

### **1.3 Problematiek**

Hierdie artikelwerp 'n blik op opsetsmisdade, eerstens vanuit 'n strafregtelike invalshoek en tweedens vanuit 'n privaatregtelike oogpunt. Privaatregtelik word daar tussen spesifieke onwaardigheid en algemene onwaardigheidonderskei.

#### *1.3.1 Spesifieke onwaardigheid*

Spesifieke onwaardigheid kom in erfregtelike konteks voor.<sup>23</sup> Hierdie onwaardigheid handel met opsetsmisdade waar een gesins- of familielid deur 'n ander gesins- of familielid gedood word. Dit sluit in misdade soos moord, sameswering tot moord, poging tot moord waar die dood intree, en aanranding met die opset om ernstig te beseer wat tot die dood lei. Alhoewel nalatige doodsveroorzaking ook erfregtelike onwaardigheid tot gevolg het, word dit nie hier in besonderhede bespreek nie.<sup>24</sup> Hier word eerstens gefokus op die gemeenregtelike onwaardigheid wat kleef aan 'n wandader wat 'n potensiële testate of intestate erfgenaam is om van sy slagoffer en nabyverwante van die slagoffer te erf binne die konteks van spesifieke onwaardigheid.<sup>25</sup> Tweedens word die vraag gevra of die onwaardigheid om voordele uit 'n boedel te neem, ook onbevoegdheid om onderhoud en regskostes te eis insluit. Potensiële onderhoudseise of aanspraak op regskoste word aan die hand van onlangse aansoeke toegelig.<sup>26</sup>

#### *1.3.2 Algemene onwaardigheid*

Die algemene-onwaardigheidsbeginsel is 'n wyer beginsel en sluit gevalle in waar daar nie noodwendig moord was nie, maar ander afkeurenswaardige gedrag teenoor die oorledene deur 'n wandader. Die wandader word dan verhoed om te erf (soos by spesifieke onwaardigheid) óf om finansiële voordele te neem wat verband hou met, of voortspruit uit, die wandaad of misdaad wat hy gepleeg het.<sup>27</sup> Dié beginsel sluit verder in onwaardigheid om bevoordelings buite om die boedel van die slagoffer te neem. In hierdie verband word daar slegs oorsigtelik gehandel met aansprake deur wandaders wat hulle op hierdie wyse toeval. Die vraag word gevra of die gemeenregtelike beginsel steeds by algemene onwaardigheid geld en of daar hedendaags 'n nuwe basis, geskoei op goeie gedrag en regverdigheid, gesteun moet word.<sup>28</sup>

Gerapporteerde en ongerapporteerde sake waar gesinsmoorde ter sprake kom, word bespreek in die konteks van onwaardigheid om te erf of om andersins verryk te word.<sup>29</sup> Die aantal straf sake en die korrelasie tussen 'n kriminele aanklag en die wandader se onwaardigheid om van die slagoffer en nabwyverwante van die slagoffer (die sogenoemde *conjunctissimi*) te erf of ander voordele te neem, word vergelyk. Daar word aangetoon dat straf sake en die moontlike gevolge vir die moordenaar dikwels in nuusblaaisel vooruitgeloop word,<sup>30</sup> terwyl die toepaslike erfreg selde ter sprake kom.<sup>31</sup>

Die teoretiese onderbou van die onwaardigheidsbeginsel en die aanwending daarvan in die konteks van gesinsmoorde word vergelyk met die praktiese toepassing daarvan. Die verband tussen deliktuele regverdigingsgronde wat onregmatigheid uitsluit en strafregtelike regverdigingsgronde wat wederregtelikheid uitsluit, word toegelig. Verwere soos jeugdigheid of geestesongesteldheid wat ontoerekeningsvatbaarheid tot gevolg het, word in konteks bespreek. Die pligte en rol van die eksekuteur en die meester in die praktiese toepassing en afdwing van die onwaardigheidsreël tydens die beredderingsproses word ontleed, en aspekte soos representasie en volgorde van dood word in die konteks toegelig. Ten slotte word moontlike statutêre hervorming ten einde die gemeenregtelike beginsels suiwer te struktureer, oorweeg.

Soos gesê, word die toepassing van die onwaardigheidsreël in die konteks van nalatige doodsveroorsaking nie hier bespreek nie. Daar word aanvaar dat by strafbare manslag dieselfde beginsels geld as by moord. Nalatige doodsveroorsaking is reeds in ander publikasies aan deeglike navorsing onderwerp.<sup>32</sup> Soos ook genoem, sal slegs oorsigtelik gehandel word met die uitbreiding van onwaardigheid na terreine wat streng gespouse buite die boedel val, soos pensioenbelange,<sup>33</sup> uitbetaling van versekeringspolisse<sup>34</sup> en aansprake ingevolge die huweliksgoederereg.<sup>35</sup> Hierdie gevalle is ook reeds volledig in vroeëre artikels geëvalueer.<sup>36</sup>

## **2. Oorsig van gemeenregtelike onwaardigheid van die opsetsmisdadiger**

### **2.1 Algemeen**

Die oorhoofse onwaardigheidsbeginsel, "geen persoon mag voordeel trek deur sy eie wederregtelike optrede, of uit (as gevolg van) dit wat strafbaar is nie", is ontleen aan die gemenereg.<sup>37</sup> Die beginsel omvat in effek twee kategorieë van onbevoegdheid wat soos volg saamgevat kan word:<sup>38</sup>

- (i) Die algemene onwaardigheid behels dat geen persoon by die dood van die oorledene deur sy onregmatige optrede (misdaad of wandaad) teenoor die oorledene, bevoordeel of verryk mag word nie.<sup>39</sup>
- (ii) "*De bloedige hand neemt geen erf[fen]is*" behels dat die opsetlike en nalatige doodsveroorsaker onbevoeg is om testaat of intestaat van die slagoffer of nabwyverwante van die slagoffer te erf.<sup>40</sup>

Soms word beide hierdie gevalle verkeerdelik onder die "bloedige hand"-reël tuisgebring, terwyl die omgekeerde eintlik waar is.<sup>41</sup> De Waal en Zimmermann<sup>42</sup> wys daarop dat die

“bloedige hand” slegs een van die onwaardigheidsgevalle is en nie letterlik opgeneem moet word nie. Dit moet slegs beskou word as “a flowery expression that captured the imagination of the reader. The idea was never to restrict the application of the rule to cases of killing involving bloodshed.”<sup>43</sup> Vir doeleinades van hierdie bespreking sluit die “bloedige hand”-reël egter slegs spesifieke onwaardigheid in en word dit beperk tot gevalle waar die dader die erflater se dood wederregtelik en opsetlik veroorsaak het.<sup>44</sup> Teenoor die spesifieke werking van die “bloedige hand”-reël,<sup>45</sup> wat direk met die erfreg en die verhouding tussen die slagoffer en moordenaar verband hou, kan die algemene onwaardigheidsbeginsel direk of indirek toepassing vind en ook binne of buite die erfreg werking hê.

## **2.2 Toepassing van die “bloedige hand”-reël**

Streng geïnterpreteer sal dié stelreël beteken dat die een wat “bloed aan sy hande het” (die dood van die erflater veroorsaak het), nie kan erf nie.<sup>46</sup> Die beginsel word as geykte reg beskou<sup>47</sup> en telkens by die onregmatige en skuldige veroorsaking van die dood van ‘n erflater sal die wandader nie van sy slagoffer mag erf nie.<sup>48</sup> Du Toit merk op:<sup>49</sup> “Indien met ‘n breër kwas geverf word, kan gestel word dat erfregtelike onwaardigheid volg op verfoeilike gedrag teenoor ‘n erflater, ten gevolge waarvan die dader ooreenkomsdig heersende fatsoenlikheidsnorme onwaardig is om erfregtelike bevoordeling te ontvang.”

Enkele aspekte verg verdere toeligting.

### **2.2.1 Onwaardige persone**

Die gesinsmoordenaar (die wandader) wat die dood van ‘n ander persoon of persone veroorsaak het, of meegehelp het tot die dood van ‘n ander, is onwaardig om van die slagoffer (erflater) te erf, ongeag of daar enige familieband tussen die dader en die oorledene is.<sup>50</sup> Iemand wat opdrag gee om iemand anders dood te maak, is ook onwaardig (weens sameswering, medepligtigheid,<sup>51</sup> poging,<sup>52</sup> aanranding waar die dood intree).<sup>53</sup> Die moordenaar se onwaardigheid is gebaseer op die volgende twee subbeleidsoorwegings: die doodsveroorsaker het die slagoffer die groots moontlike (ekstreme) onreg aangedoen;<sup>54</sup> en ‘n persoon kan nie verryk word (dus nie voordeel trek) uit die boedel van ‘n persoon wie se dood hy/sy veroorsaak het nie.<sup>55</sup>

Die tweede subbeleidsoorweging toon groot ooreenkomste met die algemene onwaardigheidsbeginsel en lei tot verwarring.<sup>56</sup> Die moordenaar kan wel in beginsel van ander persone as die slagoffer en sy nabyverwante erf. Indien die moordenaar sy neef en sy gesin vermoor, mag hy nog van sy moeder erf.

Die wandader se onbevoegdheid om te erf strek egter wyer as net die slagoffer se boedel.<sup>57</sup> Die wandader is nie alleen onbevoeg om van die slagoffer te erf nie, maar is ook onbevoeg om te erf van ‘n gesinslid of familielid wat in die kader van nabyverwante val. Die toepassing van die “bloedige hand”-reël in dié konteks van nabyverwante<sup>58</sup> is deeglik in *Ex parte Steenkamp and Steenkamp* bespreek. Die gemeenregtelike beginsel dat die wandader ook onbevoeg is om van die slagoffer se gade, sy ouers en kinders te erf, is in die saak onder die loep geneem en bevestig.<sup>59</sup> Ook hier is die onderliggende basis vir die onwaardigheid sy optrede teenoor die slagoffer.<sup>60</sup> Behalwe vir *Steenkamp* is daar geen ander gerapporteerde Suid-Afrikaanse hofsaak waar die onbevoegdheid om van

*conjunctissimi* te erf, bespreek is nie.<sup>61</sup> By gesinsmoorde sal die *conjunctissimi*-beginsel telkens ter sprake wees. Indien 'n kind haar ma vermoor het, sal sy onwaardig wees om van haar ma (slagoffer), pa (gade van slagoffer), grootouers (ouers van slagoffer) aan moederskant en haar broers of susters (kinders van slagoffer) te erf.<sup>62</sup>

### 2.2.2 Omvang van onbevoegheid

Die wandader sal onwaardig wees om enige bevoordeling ingevolge die intestate erfreg of ingevolge 'n testament te neem. Hy sal ook onwaardig wees om ander voordele, soos eksekuteurskap, trusteeskap, voordele as trustbegunstigde, of skenkings uit die boedel te neem.<sup>63</sup> Wanneer bepaal moet word in watter mate 'n moordenaar onbevoeg is om ander voordele te neem, behoort die toets te wees of die wandader uit sy misdaad verryk sal word.<sup>64</sup>

Die beginsels kan aan die hand van *S v Laubscher*<sup>65</sup> verduidelik word. Die man is skuldig bevind aan moord op sy skoonvader. Hy is ook daarvan aangekla dat hy terselfdertyd gepoog het om sy skoonmoeder, skoonsuster, eggenote en seun te vermoor. Ingevolge die "bloedige hand"-reël sal hy onwaardig wees om testaat van sy skoonpa te erf. Aangesien hy onsuksesvol gepoog het om die ander te vermoor, is daar streng gesproke nie bloed aan sy hande nie, maar hy sal nie van die *conjunctissimi* van sy skoonvader mag erf nie (wat sy skoonma, vrou en skoonsuster insluit). Indien sy seun (kleinkind van die slagoffer) wat hy probeer vermoor het, later sterf, sal hy nie van hom mag erf nie. Die kleinseun is nie 'n nabysterwant van die slagoffer nie, maar word self gesien as 'n slagoffer van poging tot moord. Hy sal ook nie ander bevoordelings mag neem wat uit sy wandaad voortspruit nie.

In die geval van gesinsmoorde, waar daar huis meerdere slagoffers is, sal die *conjunctissimi*-beginsel met sorgsaamheid toegepas moet word. Die onwaardige moordenaar bly onwaardig en sy onbevoegdheid om te erf mag nie opgehef word of verval indien daar vergifnis deur een van die nabysterwante (wat in die bepaalde kategorie val) is nie.<sup>66</sup> Die feit dat 'n erflater eers 'n tyd nadat hy beseer is, sterf sonder om sy testament te verander, het nie tot gevolg dat die wandader wel van hom mag erf nie.<sup>67</sup> Waar die moordenaar argumentsonthalwe na 'n moord op sy vrou vir baie jare in die tronk was en by sy vrylating deur die skoonouers en kinders aanvaar of vergewe word, bly die moordenaar onbevoeg om van sy kinders en skoonouers te erf.<sup>68</sup>

### 2.2.3 Die doodslag moet onregmatig en skuldig wees

Onregmatigheid word bepaal aan die hand van die beginsels wat normaalweg by deliktuele aanspreeklikheid ter sprake is.<sup>69</sup> Die voordeel wat die wandader toeval, moet die direkte gevolg of die normale, natuurlike of redelike voorsienbare resultaat van die misdaad wees.<sup>70</sup> 'n Persoon mag onwaardig wees om te erf selfs al is hy nie aan 'n misdaad skuldig bevind nie.<sup>71</sup> Alhoewel daar nie 'n relevante Suid-Afrikaanse saak is nie, kan die opspraakwakkende geval van die voormalige Amerikaanse voetbalspeler O.J. Simpson as voorbeeld dien van hoe 'n strafsaak se uitkoms van dié in 'n siviele geding kan verskil. Simpson is op 'n tegniese punt onskuldig bevind aan die kriminele aanklag van moord op sy vrou.<sup>72</sup> Daar is egter wel later in 'n siviele geding bevind dat hy vir haar onregmatige dood ("wrongful death")<sup>73</sup> verantwoordelik was. Slegs indien daar 'n regverdigingsgrond is en die

wandader nie onregmatig opgetree het nie, sal hy wel mag erf.<sup>74</sup> Net so sal iemand wat nie die vereiste opset kan vorm nie, nie as onwaardig geag word nie.<sup>75</sup>

### **2.3 Misdaad of wandaad wat tot verryking lei**

#### *2.3.1 Algemene beginsel*

Soos hier bo gesien, is daar soms onduidelikheid of die “bloedige hand”-reël die algemene reël is.<sup>76</sup> Dit blyk dat dié reël slegs ’n verskyningsvorm van die algemene onwaardigheidsbeginsel is. Die algemene gemeenregtelike beginsel is die oorhoofse beginsel wat wyer strek as die doodveroorserker en onwaardigheid om erfregtelike voordele te neem.<sup>77</sup> Dit behels dat ’n persoon wat “afkeurenswaardige gedrag” teenoor ’n ander persoon toon, onwaardig is om enige voordeel wat uit sy misdaad voortspruit, of dit wat strafbaar is, te neem.<sup>78</sup> By gesinsmoorde, waar sommige lede van die gesin omkom en ander oorleef, kan die algemene beginsel aanwending vind om te verhoed dat die misdadiger indirek bevoordeel word.<sup>79</sup> Die onwaardigheid kan ook toepassing vind waar ’n wandader aanspraak maak op bevoordelings ná die oorledene se dood wat nie direk met sy boedel verband hou nie.<sup>80</sup>

#### *2.3.2 Omvang van die onbevoegdheid*

Die vraag na onwaardigheid om deur jou eie misdaad verryk te word het in die konteks van die “bloedige hand”-reël in *Steenkamp* onder die loep gekom.<sup>81</sup> Die vraag is gevra of die misdadiger (moordenaar) wie se kind van die slagoffer geërf het, op sy beurt van die kind kon erf. Die kind het nie in die klas van nabysterante aan die slagoffer gevallen nie. Die uitspraak is van belang in sover dit die vraag na die wyer beginsel van onwaardigheid om uit jou misdaad verryk te word, bespreek. Die hof bevind dat indien daar ’n kousale verband tussen die daad en die gevolg is, die misdadiger onbevoeg sal wees om te erf.<sup>82</sup> Naas die feit dat ’n moordenaar onbevoeg is om te erf, word hy ook aanspreeklik gehou vir sy daad deurdat hy nie deur sy optrede verryk mag word nie.<sup>83</sup> Dit kan dus wees dat ’n persoon ingevolge die “bloedige hand”-reël onbevoeg is om te erf, én ook onbevoeg is om bevoordelings buite die boedel te ontvang.<sup>84</sup> Om te bepaal of daar ’n kousale verband tussen die handeling en gevolg is, word die gewone toets van redelike voorsienbaarheid aangewend.<sup>85</sup> Waar ’n persoon vermoor word, sal die noodwendige gevolge wees dat die slagoffer se boedel oopval, polisse uitbetaal word, pensioenbelange oopval, die huwelik tot ’n einde kom en onderhoudsaansprake verval. Die wandader sal dus nie kan argumenteer dat daar nie ’n kousale verband tussen die slagoffer se dood en polisgelde, pensioenbetalings, onderhoudsaansprake of regskoste is nie.

#### *2.3.3 Basis van die algemene beginsel*

In Suid-Afrikaanse hofuitsprake word die uitbreiding van die onwaardigheidsreël na gevalle buite die boedel van die slagoffer dikwels oor die boeg van “openbare belang” gegooi.<sup>86</sup> Die toets behels dat die publiek (gemeenskapsopvatting) sou verwag dat die dader daarvan weerhou moet word om ’n voordeel van die boedel van die slagoffer te neem weens gebrek aan “good manners and equity”.<sup>87</sup> Die sogenaamde “indignus principle” behels dat optrede van ’n persoon só aanstoot gee dat hy of sy nie bevoordeel of verryk mag word nie.<sup>88</sup>

Dit blyk onnodig te wees om 'n "nuwe" algemene basis vir onwaardigheid te skep. In die Romeins-Hollandse reg is daar reeds deeglik kennis geneem van die gemeenskapsopvatting oor wat afkeurenswaardige gedrag is.<sup>89</sup> Die opvatting van die gemeenskap oor wat reg en verkeerd is, verander met verloop van tyd.<sup>90</sup> Moord is nog altyd as afkeurenswaardige gedrag beskou. Indien die voordeel nie tuisgebring kan word onder die spesifieke "bloedige hand"-beginsel nie, maak die algemene onwaardigheidsbeginsel genoegsame voorsiening daarvoor om voordele van die wandader te weerhou.

Sonnekus stel dit soos volg:<sup>91</sup> "Ongeag welke vorm 'n onwaardigheidsklassifisering aanneem, is dit deurgaans 'n uitdrukking van die gemeenskapsoordeel dat die bepaalde gedrag onfatsoenlik en teen die openbare orde is en langs die weg van ontneming van 'n vorderingsreg op bevoordeling sanksioneer word." Die onwaardigheidsbeginsels kan binne die bestaande konteks van afkeurenswaardige gedrag uitgebrei en aangewend word sonder om die grondslag daarvan in "public policy" te regverdig. Daar is in beginsel nie fout te vind met die gedagte van "openbare beleid" nie, mits dit gesien word as 'n bevestiging van die bestaande gemeenregtelike beginsels.

Gevalle waar 'n voordeel die wandader buite die boedel van die oorledene toeval en die onwaardigheidsbeginsel toegepas is, sluit in polisgelde, pensioenbelange en moontlike huweliksregtelike aansprake.<sup>92</sup> Ander moontlike aansprake wat die wandader kan maak, is dat hy as afhanklike van die slagoffer op onderhoud geregtig is of dat regskoste in die strafgeding uit die bestorwe boedel betaal moet word.<sup>93</sup> Daar moet op 'n oorwig van waarskynlikheid aangetoon word dat die wandader se optrede tot die dood van die slagoffer gelei het of dat daar 'n kousale verband is tussen die voordeel wat hom toeval en die doodsveroorsaking of wandaad.<sup>94</sup>

### 3. Teoretiese toepassing van die onwaardigheidsbeginsel

#### 3.1 Algemeen

Dit is geensins 'n oordrywing om te sê dat misdaad in gesinsverband aan die toeneem is nie.<sup>95</sup> Onlangs is daar in 'n plaaslike koerant in een week oor drie verskillende gesinsmoorde berig.<sup>96</sup> Daar is feitlik daagliks beriggewing in koerante en in die elektroniese media, byvoorbeeld *Legal briefs*, oor gesinstragedies.<sup>97</sup>

Waar 'n persoon strafregtelik eers formeel aangekla moet word van die ten laste gelegde misdaad, vind die onwaardigheidsbeginsels teoreties gesproke outomaties toepassing in die testate en intestate erfreg.<sup>98</sup> Weens die outomatiese toepassing daarvan beteken dit dat die eksekuteur moet kennis dra van die onwaardigheidsbeginsel en alle ander relevante aspekte vir doeleindes van die opstel van die likwidasie-en-distribusie-rekening. Dit lei in die praktyk egter tot onsekerhede en gedingvoering, aangesien die eksekuteur nie noodwendig bevoeg is om oor die onregmatigheid of skuld van potensiële erfgename te besluit nie.<sup>99</sup>

#### 3.2 Problematiek

In ag genome die aantal strafsake en nuusberigte oor gesinsmoorde of moorde deur 'n lid van 'n gesin op ander gesinslede, val dit vreemd op dat daar slegs enkele siviele gedinge is

wat handel met onwaardigheid om te erf of om andersins voordele te neem.<sup>100</sup> Die aantal moorde waaroor berig word, teenoor die handjievol siviele gedinge wat die nuusblaaie haal, kan geensins 'n weerspieëeling wees van die toepassing van die onwaardigheidsbeginsels of ander uitbreidings in die toepassing daarvan nie. Die wanpersepsie wat bestaan dat 'n persoon eers suksesvol strafregtelik vervolg moet word, dra waarskynlik daartoe by dat persone soms erf of bevoordelings ontvang terwyl hulle nie daarop geregtig is nie.<sup>101</sup> Dit laat die vraag ontstaan in watter mate die onwaardigheidsbeginsels wel in die praktyk toegepas en deurgevoer word. Dit is ook onduidelik in watter mate die onbevoegdheid om van nabyverwante te erf of ander voordele te neem, werklik aanwending vind. In die gevalle waar die moordenaar gevangenisstraf uitdien en jare later vrygelaat word, kan dit wees dat hy deur sy familie vergewe en aanvaar word en selfs voordele erf wat nabyverwante vroeër uit die boedel van die slagoffer toegeval het.<sup>102</sup>

Vreemd genoeg word slegs enkele strafsake deur 'n siviele saak opgevolg. Normaalweg is mense nie geneë om sonder meer van hulle erfposisie afstand te doen nie, en vry algemeen word moord huis vir finansiële gewin gepleeg.<sup>103</sup>

Die gebrek aan gerapporteerde siviele sake dui op een van twee uiterstes in die praktyk: óf die onwaardigheidsbeginsels vind sonder probleme aanwending, óf die beginsels word nie in alle gevalle toegepas nie en voordele val onwaardige wandaders toe.

Daar word sterk betwyfel of dit eersgenoemde is. Die moordenaar in gesins- of familieverband se onbevoegdheid om te erf of ander voordele te neem, behoort net so gereeld voor te kom as wat gesinsmoorde gepleeg word. In die praktyk sou moorde in gesinsverband in effek beteken dat daar 'n kettingreaksie van onbevoegdheid plaasvind.

Die reël kan aan die hand van 'n fiktiewe voorbeeld toegelig word.

Veronderstel A en B, 'n homoseksuele getroude paartjie, het twee aangename kinders, D en E. B het ook 'n buite-egtelike kind F uit 'n vorige verhouding met X. Indien F (moordenaar en wandader) wat nie 'n bloedverwant van A is nie, A (slagoffer en erflater) vermoor, sal hy onbevoeg wees om testaat van A (die stiefouer) te erf indien hy as 'n erfgenaam benoem was. Hy sal ook nie ingevolge die intestate erfreg kwalifiseer om van A te erf nie, aangesien hy die moordenaar is. Hy sal egter nie in aanmerking kom nie, aangesien hy nie 'n bloedverwant is nie. Hy sal ook nie van B, sy moeder en die gade van A, kan erf nie (testaat of intestaat). Verder is F onbevoeg om van A se ouers asook van sy aangename broers D en E te erf. Hy sal wel van sy biologiese vader X, dié se ouers en sy ander kinders kan erf indien hulle hom aanwys as erfgenaam in 'n testament. Hulle is nie nabyverwante van A is nie.

Toegepas op die geval waar Martin Brits aangekla is van moord op sy aanneemvader en aanranding op sy aanneemmoeder, behoort die volgende ter sprake te kom wanneer die slagoffer se boedel verdeel. Indien hy skuldig bevind word, sal die seun onbevoeg wees om van sy vermoorde pa te erf. Indien hy op 'n tegniese punt onskuldig bevind word, sal hy steeds erfregtelik onbevoeg kan wees. Hy sal ook onbevoeg wees om van sy pa se nabyverwante te erf, wat die dader se ma, sy grootouers en sy aangename broers en suster insluit. Hy het ook sy ma baie ernstig aangerand. Hy sal ook onbevoeg wees om van haar te erf en onwaardig om enige ander voordele te ontvang wat spruit uit sy misdaad wat tot

verryking kan lei. Indien die seun egter 'n verweer opper, of indien daar 'n regverdigingsgrond is vir sy optrede, sal hy nie gediskwalifiseer word nie.<sup>104</sup>

#### 4. Praktiese toepassing van die onwaardigheidsbeginsel

##### 4.1 Algemeen

Om die onwaardigheidsbeginsels aan die hand van toepaslike gerapporteerde siviele sake met verbandhoudende strafsake te vergelyk is problematies. Alhoewel daar letterlik honderde nuusberigte en hofsake oor moorde in gesins- of familieverband is, is daar slegs enkele opvolgende siviele gedinge. Dit laat 'n vraagteken oor die effektiewe praktiese toepassing van die erfregtelike beginsels by gesinsmoorde ontstaan. Dit is nie prakties moontlik om alle boedels waar moord in gesinsverband plaasgevind het, na te gaan nie. Daar kan dus nie met sekerheid bepaal word hoe slagoffers se boedels verdeel en/of onwaardige daders direk of indirek voordeel trek uit hulle slagoffers nie.<sup>105</sup>

Om die disharmonie tussen strafsake en siviele sake te illustreer, sal die sake vervolgens onder die volgende hoofde ingedeel word:

- Een gade vermoor of rand 'n ander gade aan met die doel om ernstig te beseer.<sup>106</sup>
- Een ouer vermoor 'n kind, kinders of die gesin (en pleeg dikwels daarna selfmoord).
- Kinders vermoor hulle ouers of grootouers.

In die bespreking wat volg, word daar telkens met slegs enkele strafsake volstaan.

##### 4.2 Een gade vermoor sy of haar gade

###### 4.2.1 Strafsake

Strafsake waar 'n man of vrou sy/haar huweliksmaat of -genoot vermoor, kom dikwels voor.<sup>107</sup> 'n Saak wat in die laat 1990's groot opspraak verwek het, is dié teen Ben du Toit. Hy is ses jaar na die wrede moord op sy vrou aangekla en skuldig bevind.<sup>108</sup> 'n Meer onlangse saak is *S v Petersen* waar die vrouw van Taliep Petersen haar man, die musiekikoon, laat vermoor het.<sup>109</sup> 'n Mens staan verstom oor die beplanning wat dié moord voorafgegaan het.

[T]he appellant hired one Faheem Hendricks for an amount of R100 000,00 to arrange for the murder of the deceased. Hendricks ... approached the second accused to acquire the services of two so-called "hitmen" ... to carry out the murder. It was initially intended that the murder would take place as a hijacking ..., when the deceased and the appellant were returning home from the airport after a visit to London. This could not be done because of the unavailability of the third and fourth accused. They were likewise not available the next day ... when the deceased returned home from a performance at a theatre in Wynberg. The murder was finally scheduled for the night of ..., when the deceased, the appellant and their young daughter were at home.<sup>110</sup>

**Vrou as moordenaar:** Waar 'n vrou haar man of saamblygenoot vermoor, word twee tendense bespeur. Wat eerstens opval by vrouemoordenaars, is dat hulle dikwels (i) gebruik maak van hulp om die daad te pleeg<sup>111</sup> en (ii) aanvoer dat hulle as mishandelde vroue die slagoffers van gesinsgeweld was.<sup>112</sup> Gevalle waar van hulp gebruik gemaak is, sluit in *S v Ferreira*<sup>113</sup> waar 'n vrou die man saam met wie sy gewoon het, met die hulp van 'n vriend om die lewe laat bring het.<sup>114</sup> In *S v Marais*<sup>115</sup> voer die vrou aan dat sy van hulp gebruik gemaak het om haar man te laat vermoor omdat sy nie langer sy mishandeling en aftakelings kon hanteer nie. Sy is aan sameswering tot moord skuldig bevind. Swart<sup>116</sup> verwys na etlike gevalle waar vroue huurmoordenaars gevra het om hulle mans om die lewe te laat bring:

In Augustus is Poppie Smook van Pretoria vir 25 jaar tronk toe gestuur vir die moord op haar man ... Sy het na bewering twee mans gehuur een van hulle haar dogter se vriend om die moord te pleeg ... Du Toit is tot twintig jaar gevangenisstraf gevonnis vir die huurmoord op haar man ten einde versekeringsgeld van sowat R1 miljoen te bekom ... Van die bekendste gevalle dié dekade was die moord op mnr. Dave Lombard. Sy aantreklike donkerkopvrou ... het 'n buurman se seun ... verlei om haar te help om haar man te vermoor. Hulle het ... slaappille in die oorledene se koffie gegooi en hom daarna met 'n kussing versmoor.<sup>117</sup>

Selfverdediging in die konteks van die "mishandelde vrou"-sindroom word dikwels geopper, maar meer gereeld waar die vrou self die moord gepleeg het.<sup>118</sup> In *S v Engelbrecht*<sup>119</sup> het 'n verpleegster van Krugersdorp haar man met 'n plastieksak versmoor. Sy voer aan dat sy 'n mishandelde vrou was.<sup>120</sup> In die saak is erken dat die beskuldigde haar man doodgemaak het (die wederregtelike handeling), maar daar is aangevoer dat sy weens jare se mishandeling en emosionele onstabilitet nie vir die daad verantwoordelik gehou kan word nie.<sup>121</sup>

In *S v Ferreira*<sup>122</sup> bevind die hof:

What was called in the Osland case "unsanctioned homicide", if it involves intentionally and unlawfully depriving another of the right to life, remains murder; it remains the single most serious criminal invasion of that person's constitutional rights. ... That is a self-evident proposition but it bears emphasis. ... It would be contrary to the values of the Constitution to hold that that scourge provides a licence to abused partners to take the law into their own hands in the absence of grounds for lawful self-defence.

In *Steyn v S*<sup>123</sup> het die appèlhof wel 'n skuldigbevinding aan strafbare manslag ter syde gestel waar 'n vrou na jare van mishandeling haar "gewelddadige" man in selfverdediging doodgeskiet het.

**Man as moordenaar:** Dit blyk dat wanneer 'n man sy vrou vermoor, hy gewoonlik self die aanval of moord pleeg.<sup>124</sup> In 2005 is Steinmetz, 'n 76-jarige afgetrede finansiële direkteur van die Rembrandt-groep, skuldig bevind aan moord op sy vrou.<sup>125</sup> Hy het haar in 'n woedebui tydens ete doodgeskiet. In *S v Viljoen*<sup>126</sup> is die man skuldig bevind aan moord op sy vrou wat hy op barbaarse wyse vermoor het.

Indien die man na die moord selfmoord pleeg, kan hy uiteraard nie strafregtelik vervolg word nie.<sup>127</sup> Die vonnis wat in 'n strafsaak deur die hof opgelê word vir die opsetlike wederregtelike doodslag van die slagoffer is streng gesproke irrelevant vir doeleindes van die privaatreg.<sup>128</sup> 'n Strafregtelike skuldigbevinding is verder nie 'n voorvereiste vir die aanwending van die erfregtelike onwaardigheidsreël nie.<sup>129</sup> Opvallend is dat die strafsaake wat wel 'n nadraai gehad het in siviele gedinge oor die "bloedige hand" of onwaardigheid, gevalle is waar die gade as moordenaar wel strafregtelik skuldig bevind is.<sup>130</sup>

#### 4.2.2 Siviele sake

Verbandhoudende straf- en siviele sake kon in slegs enkele gevalle nagespoor word. Dit blyk gewoonlik uit die siviele saak dat daar reeds 'n vroeëre skuldigbevinding in 'n strafsaak was. Die toepaslike strafsaake is dan nie noodwendig gerapporteer nie.

Die saak teen Ben du Toit het ses jaar voor hy van moord op sy vrou aangekla is, wel 'n draai in 'n siviele saak gemaak.<sup>131</sup> Versekeringsiese wat Du Toit ingestel het, is deur die maatskappy betwis omdat daar bewerings was dat hy by sy vrou se dood en die vervalsing van haar testament betrokke was.<sup>132</sup> Ander ouer siviele sake wat wel 'n nadraai gehad het in aansoeke wat verband hou met die onwaardigheidsbeginsel van 'n gade, sluit in *Ex parte Wessels NO and Lubbe, Nell v Nell, Ex Parte Vonzell en Casey v The Master*.<sup>133</sup>

Meer onlangse siviele sake waar onwaardigheid ter sprake is, handel spesifiek met finansiële voordele wat die wandader buite om die boedel toeval. Hierdie sake sluit in die welbekende saak *Danielz v De Wet*<sup>134</sup> waar 'n vrou haar man ernstig laat aanrand het en hy daarna aan sy wonde beswyk het. Sy het haar bevoordeling ingevolge die testament gerepudieer maar aanspraak gemaak op bevoordelings uit polisse waarin sy as begunstigde aangewys is. Die hof bevind dat sy nie geregtig is op die opbrengste van die polisse nie. In *Makhanya v Minister of Finance*<sup>135</sup> is bevind dat die vrouw wat haar man vermoor het, nie alleen onwaardig is om van hom te erf nie, maar ook onwaardig is om in sy pensioenvoordeel te deel.<sup>136</sup> In *Leeb v Leeb*<sup>137</sup> is die vrouw skuldig bevind aan moord op haar man. Hoewel sy nie daarop aanspraak gemaak het om te erf nie, bring sy 'n aansoek om haar deel van die gemeenskaplike boedel op te eis. Anders as in vorige sake, waar die beginsels van die erfreg en huweliksgoederereg streng uitmekaar gehou is,<sup>138</sup> het die hof die aangeleentheid vir verhoor verwys ten einde te bepaal of die vrouw voordele uit die gesamentlike boedel as gevolg van haar onregmatige optreden verbeur.<sup>139</sup> Die "bloedige hand"— reël kan dus tot gevolg hê dat 'n gade van sy huweliksregte ontnem word by huweliksbeëindiging.

Die wandader sal ook onbevoeg wees om as eksekuteur aangestel te word. Ingevolge artikel 4A(3) van die Wet op Testamente 7 van 1953 word die aanwysing as 'n voog, trustee of eksekuteur ook as 'n bevoordeling ingevolge die testament gesien.<sup>140</sup> Die strafsaak *S v Marais* het in hierdie verband 'n nadraai in 'n siviele geding, *Marais v Botha*, gehad.<sup>141</sup> Die moordenares het 'n aansoek gebring om 'n gesamentlike testament waarin sy bevoordeel en as eksekuteur aangewys is, te laat kondoneer ingevolge artikel 2(3) van die Wet op Testamente. Die hof maak tereg die volgende bevinding:

I note also that a finding for the applicant would indeed be contrary to the recognized Roman-Dutch law maxim of "*de bloedige hand neemt geen erf*". Applicant is nominated as executor in the joint will. A finding in her favour could possibly lead to her being appointed executor of the joint will, *and thereby in her capacity as such, receiving a benefit* under the will. It is so that to be appointed executor of an estate under a will, is tantamount to receiving a benefit under the will.<sup>142</sup>

Ook in *Thomas v Clover*<sup>143</sup> word bevind:

Were applicant to be appointed executor, she would benefit. Given that applicant has been charged with conspiracy to the murder of the deceased, this could not be countenanced. In the unreported judgement of *Pu & Others v Ranchod NO and Another* 2005 JOL 15767 (ZH) at p. 5 it was held to be repugnant to all notions of justice and public policy for a person to be appointed executor to the estate of a person he has killed or has been accused of killing.

Ook *S v Petersen* het onlangs 'n nadraai in 'n siviele geding gehad. Na Taliep Petersen se dood het daar nuusberigte oor sy boedel verskyn.<sup>144</sup> Sy voormalige vrou is skuldig bevind aan moord en was onwaardig om van hom te erf. Ses jaar later is daar sprake daarvan dat sy uit die tronk, waar sy 28 jaar gevengenisstraf uitdien, vra vir afsetting van 'n trustee. 'n Trust is opgerig vir haar en Taliep se dogter. 'n Versekeringspolis van R5,3 miljoen is in die trust gedeponeer. Afgesien van die feit dat sy geen aanspraak op die slagoffer se boedel het nie, sal sy ook geen voordeel van haar dogter, die erfgenaam en nabyverwant van haar vermoorde man, mag ontvang nie.<sup>145</sup> Die suster van die slagoffer vra tereg:

How is it possible that someone who is in prison got so much right and asked that a curator to be appointed to look into the Trust of the very man she arranged to have murdered? People must remember that my brother was killed for this money. And since the death of my brother (the minor)<sup>146</sup> has been receiving an income from his estate and not from his R5,3 million trust money.

Daar behoort talle ander gevalle te wees waar onbevoegdheid om voordele te neem, of om te erf, in die praktyk ter sprake kom. Dit gebeur egter skynbaar net indien die eksekuteur of die meester 'n aanspraak wat die doodsveroorsaker maak, awys of indien 'n mede-erfgenaam of familielid beswaar maak op grond van die moord of aanranding deur die aanspraakmaker.<sup>147</sup>

In *The Times of Malta* word berig oor 'n ouma wat namens haar kleinkinders 'n aansoek bring om die man wat sy vrou (haar dogter) vermoor het, se bevoegheid om te erf bevraagteken:<sup>148</sup>

Shortly afterwards, his children's maternal grandmother filed an application in the civil court to ensure he would inherit nothing from their mother. Consiglia Degiorgio told the court that her daughter had died intestate and that, according to law, her children would inherit one-half of her estate between them while Mr Agius, as the surviving spouse, was entitled to inherit the remaining half ... The court, therefore, concluded that Mr Agius was not worthy to benefit from the

inheritance of his murdered wife and that her estate was to be enjoyed only by her children.

In gevalle waar een gade 'n ander vermoor, sal die wandader nie alleen onbevoeg wees om van die slagoffer en sy nabyverwante te erf nie, maar ook onwaardig wees om ander finansiële voordele te neem.

#### **4.3 Een gade wis sy kinders of die gesin uit**

##### **4.3.1 Strafsake**

Gesinsmoorde waar een ouer die kinders of die eggenoot en kinders vermoor, kom gereeld voor. Dit wil selfs lyk asof dit aan die toeneem is.<sup>149</sup> Op 19 Julie 2013 is byvoorbeeld berig oor Paul Nothnagel wat sy voormalige vrou en twee dogters by 'n bushalte in Alberton geskiet het toe sy die kinders afgelaai het vir skool.<sup>150</sup> Beide dogters sterf en die vrou is ernstig gewond. Nothnagel pleeg daarna selfmoord.

Die gemeenskap staan telkens verslae en geskok oor hierdie misdade.

By gesinsmoorde wat deur 'n ouer gepleeg word, word twee tendense bespeur: eerstens is daar 'n ouer wat 'n kind of kinders vermoor om wraak op sy gade of saamblygenoot te neem; en tweedens is daar die gevalle waar 'n ouer die kinders en die ander ouer vermoor en dikwels daarna selfmoord pleeg.

In *Director of Public Prosecutions (Transvaal) v Venter*<sup>151</sup> het Venter, 'n lid van die Suid-Afrikaanse verdedigingsmagte, op sy vrou en kinders losgebrand. Sy vrou het die aanval oorleef, maar die egpaar se dogtertjie en seuntjie sterf.

In *Van der Westhuizen v S*<sup>152</sup> vermoor 'n polisieman sy kinders. Die hof merk op:

The crime that the appellant committed is abhorrent and the enormity of it can hardly be over-emphasized. His three defenceless children were executed in their sleep by their own father, a policeman ... Unlike any other reported case of diminished responsibility they, the victims, did not contribute in any way whatsoever to any of the stressors that the appellant said caused him to take their lives. The only explanation for their murders came from the appellant's own mouth as he was murdering them. He punished his wife.

As gevolg van die feit dat die wandader in die geval van gesinsmoorde dikwels selfmoord pleeg, word betreklik min sake tot verhoor gebring.<sup>153</sup> Een so 'n tragiese geval is waar 'n man selfmoord pleeg nadat hy sy twee kleuters in sy motor vergas en sy vrou daarna vermoor het.<sup>154</sup> So ook was die gewese vrou en twee dogters van 'n bekende akteur die slagoffers van 'n gesinsmoord in Centurion. Die tweede man van die vrou het onverklaarbaar op sy gesin losgebrand voordat hy homself doodgeskiet het. Daar was wel 'n dogter wat die treurspel oorleef het.<sup>155</sup>

#### 4.3.2 Siviele sake

Al word die hele gesin uitgewis, moet die erfregbeginsels steeds toepassing vind. In die geval van 'n gesinsmoord is daar huis knellende erfregtelike vraagstukke wat ter sprake kom. Die vraag na onwaardigheid om te erf het in *Ex parte Wessels and Lubbe* ter sprake gekom.<sup>156</sup> Die man het sy vrou, kinders, skoonma en sy eie moeder vermoor. 'n Aansoek is gebring om sy familie te verhoed om te erf.

In *Gafin v Kavin* is die bevoegdheid om te erf van 'n man wat sy vrou en kinders vermoor het, bevraagteken. Die man was egter geestesongesteld en kon erf.

In *Caldwell v Erasmus*<sup>157</sup> is 'n pa aangekla van moord op sy seun. Die slagoffer sterf intestaat en laat geld na wat hy van sy grootouers geërf het. Terwyl die pa verhoorafwagtend was, is 'n aansoek gebring dat geld uit die slagoffer se voogdfonds aan hom betaal word. Curlewis<sup>158</sup> merk op:

But the father stands charged with having murdered his son and, if he be convicted either on this charge or even on a lesser charge of culpable homicide, or possibly even of having caused the death by negligence, it is clear that he cannot be allowed to inherit. Under our law, if we adopt the principles enunciated by the old text writers, he would be disentitled as indignus.

Die werking van die erfreg is kompleks indien een of meer lede van 'n gesin uitgewis word. Beginsels rakende gelyktydige dood<sup>159</sup> en representasie<sup>160</sup> kan die verdeling van die boedel beïnvloed. Telkens as 'n ouer 'n kind of kinders vermoor, sal die ouer onbevoeg wees om van die kind en van die kind se ander ouer te erf. Indien 'n ouer die kinders en die ander gade vermoor, is die ouer ook onbevoeg om uit die gade se boedel te erf, en indien die oorlede gade deur ouers of descendente oorleef word, is die wandader ook onbevoeg om van hulle te erf. Hierdie beginsels sal toegepas moet word selfs wanneer die wandader jare later uit die tronk ontslaan word en selfs al is daar vergifnis aan die kant van nabijverwante van die slagoffers.<sup>161</sup> Die smet bly kleef aan die dader.<sup>162</sup> Indien die een ouer eers vermoor word en die kinders later, sal die boedel van die eerste slagoffer in die latere slagoffers vestig. Indien 'n minderjarige onder die ouderdom van 16 sterf, sal die intestate erfreg in werking tree.<sup>163</sup> Die moordenaar sal onbevoeg wees om van sy kinders te erf, maar hy sal wel gerepresenteer kan word indien die intestate erfreg aanwending vind.<sup>164</sup>

#### 4.4 Kind(ers) vermoor ouer(s)

##### 4.4.1 Strafsake

Moord deur kinders op hulle ouers is een van talle ondenkbare scenario's wat by gesinsmoorde voorkom. Dit blyk dat konflik tussen gesinslede of finansiële gewin dikwels as motivering vir dié optrede dien.<sup>165</sup> Die 21-jarige Leslie Abrahams het twee maande voordat hy sy pa en ma vermoor het, gedreig dat hy sy pa sou skiet. Ná 'n onderonsie met sy pa oor werk, het Abrahams sy ma doodgeslaan en sy pa drie keer geskiet. Hy het R3,7 miljoen van sy ouers geërf en dit in minder as vier jaar uitgeleef.<sup>166</sup> In *S v Myburgh*<sup>167</sup> vermoor 'n man sy ma vir polisgelde. Riaz Kadwa<sup>168</sup> vermoor sy welgestelde ouers en die 18-jarige Zahid Madwa is betrokke by die moord op sy ouers, 'n egaal van Standerton wat die klein

gemeenskap geskok en verslae laat.<sup>169</sup> In die Abrahams-geval sou 'n mens verwag dat die eksekuteur veral in die lig van die voorafgaande dreigemente, nie die boedel sou afhandel nie.

In *S v Lotter* is twee kinders van die Lotter-gesin skuldig bevind aan die grusame moord op hulle ouers.<sup>170</sup> As verweer het hulle aangevoer dat hulle "lacked criminal capacity to act" en dat hulle gehandel het "under duress and on instruction from another".<sup>171</sup> Hulle verwere word deur die hof verwerp.<sup>172</sup> In *S v Nursingh*<sup>173</sup> het 'n seun suksesvol tydelike geestesongesteldheid gepleit. Hy is onskuldig bevind aan moord op sy ma en op sy grootouers wat hy met 'n byl doodgekap het. Hy het beweer dat sy ma hom vir jare seksueel, emosioneel en verbaal mishandel het.<sup>174</sup> In 2012 word die aangename seun van dominee Brits van Harrismith in hegtenis geneem in verband met die moord op sy pa. Hy beken skuld.<sup>175</sup> Sy verhoor sal eersdaags begin.<sup>176</sup> Sy ma is tydens dieselfde voorval ernstig aangerand en was vir maande kritiek in die hospitaal. Sy is intussen uit die hospitaal ontslaan.<sup>177</sup> 'n Deelsverhoorde strafsaak wat erfregtelike implikasies kan hê, is dié waar 'n minderjarige tans teregstaan op drie klagtes van moord.<sup>178</sup>

#### 4.4.2 Siviele sake

Alhoewel daar menigmaal berig word oor kinders wat hulle ouer of familie vermoor, word siviele sake waar die bevoegdheid van kinders om van hulle vermoorde ouers, grootouers of broers en susters te erf, selde gerapporteer. In hierdie gevalle moet aspekte soos gelykydigheidsdood, *conunctissimi* en representasie in ag geneem word.

In *Ex parte Meier*<sup>179</sup> word die vraag na die bevoegdheid van 'n seun om van sy pa te erf, gevra.<sup>180</sup> Die seun was egter geestesversteurd en dus ontoerekeningsvatbaar.<sup>181</sup> In 2002 is Karel Greyvenstein aan drie klakte van moord skuldig bevind. Volgens nuusberigte erken hy dat hy die enigste erfgenaam sou wees.<sup>182</sup> Hy is egter onbevoeg om van sy ouers en broer te erf en sal onbevoeg wees om van sy grootouers te erf. Die saak in die Noord-Kaapse hoëhof waar 'n minderjarige tans tereg staan op drie klakte van moord op gesinslede, het ook reeds bespiegelinge in die dagpers uitgelok oor moontlike onwaardigheid om te erf.<sup>183</sup> Die oupa (pa van die vermoorde man), wat die eksekuteur en potensiële erfgenaam van die slagoffers is, het onlangs ook gesterf.<sup>184</sup> Die boedels van die vermoorde het reeds by hul dood in 2012 oopgeval. Die volgorde van dood kan hier 'n uitwerking hê.<sup>185</sup> Afhangend van die onwaardigheid al dan nie van die aangeklaagde, sal die boedels van die slagoffers reeds in die oupa gevestig het en van die oupa af vererf. Die oupa het in sy testament ook R500 000 aan die minderjarige nagelaat.<sup>186</sup> Alhoewel die vermoorde dogter minderjарig was, kon sy wel 'n boedel nagelaat het.<sup>187</sup>

In die *Lotter*-saak het die kinders se bevoegdheid om te erf tydens 'n tussentydse aansoek ter sprake gekom.<sup>188</sup> Die hof wys hulle aansoek om hulle erfporries te ontvang ten einde vir hulle onderhoud en regskoste te betaal, van die hand.<sup>189</sup> Hulle is ná die aansoek aan moord skuldig bevind.

Soos hier bo gesien, het Abrahams wel van sy ouers wat hy vermoor het, geërf en is eers drie jaar na die moorde skuldig bevind. Regter Maluleke bevind dat "the motive was greed, as Abrahams had inherited R3,7 million from his parents, which he spent in less than four years."<sup>190</sup> Hy was streng gesproke natuurlik outomaties onbevoeg om te erf.

Weer eens sal vergifnis deur enige van die nabyverwante nie 'n persoon bevoeg maak om te erf nie.<sup>191</sup> Slegs indien daar 'n geldige verweer geopper word, kan dit tot gevolg hê dat die aangeklaagde bevoeg is om te erf of ander voordele te neem.<sup>192</sup>

#### **4.5 Ouer vermoor sy of haar kind**

##### **4.5.1 Strafsake**

As enigets erger kan wees as 'n kind wat sy ouers vermoor, is dit ongetwyfeld wanneer 'n ouer sy weerlose kind se dood opsetlik veroorsaak. Anders as by "uitwissing van die hele gesin" deur een van die ouers, is dié gewoonlik gevalle waar die kind sterf as gevolg van die mishandeling deur 'n ouer of ouers.<sup>193</sup> Alhoewel hierdie sake 'n mens met afgryse vervul, kan nie weggeskram word van moontlike erfregtelike gevolge van moord op 'n kind nie.

In *S v Pretorius*<sup>194</sup> dra die beskuldigde die verwyt van 'n grusame moord op 'n weerlose baba. So ook die gewese lesbiese paartjie wat aan moord skuldig bevind is nadat die een vrou se vierjarige seuntjie wreed aangerand is en sy nijs gedoen het om die aanval wat haar seun se dood veroorsaak het, te keer nie.<sup>195</sup>

Zulpha Jacobs staan tereg op 'n aanklag van moord nadat haar seuntjie se liggaam in 'n vlak graf agter die skool gevind is. Jacobs het die seun as vermis aangemeld, maar sy het later erken het dat sy hom vermoor het.<sup>196</sup>

Sorgwekkend is die voorval waar 'n jong ma, vergesel van die kindjie se pa, spesiaal 'n plaagdoder<sup>197</sup> gaan koop het om haar drie maande oue babadogtertjie te vermoor.<sup>198</sup>

Nog so 'n voorval waar kindermishandeling tot die dood van 'n baba lei, is waar die ouers van 'n twee maande oue baba hom aangerand en mishandel het.<sup>199</sup>

##### **4.5.2 Siviele sake**

Alhoewel 'n mens geneig is om te dink dat 'n kind nie 'n boedel sal hê nie, gebeur dit tog, soos in die *Steenkamp*-saak. Grootouers maak dikwels voorsiening vir kleinkinders, wat tot gevolg sal hê dat 'n vermoorde kind reeds 'n boedel kan hê.<sup>200</sup> Net soos in die geval van enige afgestorwene se dood sal ook die boedel van 'n kind oopval by sy dood. Die boedel sal intestaat vererf. Ingevolge die "bloedige hand"-reël is die ouers of ouer wat 'n kind vermoor het, onbevoeg om van die kind en die kind se ander ouer te erf.

Die beginsel sal tot gevolg hê dat die 21-jarige Shipalana wat met haar man se medewete hulle drie maande oue baba vergiftig het, nooit van haar man of hy van haar sal mag erf nie.<sup>201</sup>

## 5. Regverdigings- en skulduitsluitingsgronde

### 5.1 Algemeen

Indien daar 'n regverdigings- of skulduitsluitingsgrond is vir die pleeg van die misdaad, sal die wandader vry uitgaan.<sup>202</sup> Alhoewel 'n misdaad en 'n delik of onregmatige daad groot ooreenstemming toon deurdat beide 'n wederregtelike, skuldige doen of late vereis, verskil hulle ook van mekaar veral sover dit sanksies en die bewyslas aangaan.<sup>203</sup> Die strafregtelike sanksies by moord is dikwels gevangenisstraf, terwyl die privaatregtelike sanksie onwaardigheid is. Indien 'n persoon op 'n tegniese punt onskuldig bevind word, kan hy steeds onwaardig wees om te erf.<sup>204</sup>

Curlewis<sup>205</sup> merk in dié verband op:

It is trite law that the children born out of wedlock will not necessarily be bound by the Trial Court's finding that the surviving spouse negligently caused the deceased's death. They (or in fact any other interested party) will be fully entitled to endeavour *to prove in civil proceedings that the surviving spouse in fact murdered* the deceased. In the criminal trial the State had to prove beyond reasonable doubt that the surviving spouse was guilty of murder. In civil proceedings it will only be necessary to prove this on a balance of probabilities.<sup>206</sup>

In *Danielz v De Wet* het die hof huis bevind dat die dader nie die dood van die slagoffer voorsien het nie en skuldig was aan aanranding met die opset om ernstig te beseer. Sy was steeds onbevoeg om vermoënsvoordele van die slagoffer te ontvang. Die teenoorgestelde is egter waar. Indien die wandader reeds skuldig bevind is aan moord, sal die "bloedige hand"-reël gewoonlik outomatis aanwending vind.

### 5.2 Strafsake

Die beskuldigde in 'n strafsaak sal onskuldig wees indien daar 'n regverdigingsgrond was vir die dood van die slagoffer.<sup>207</sup> In 'n strafsaak word die gedrag van 'n wandader van owerheidsweë bestraaf. Die straf sal vergelding, voorkoming, afskrikking of rehabilitasie beoog.<sup>208</sup> Die regverdigingsgronde wat strafregtelike wederregtelikheid uitsluit is noodweer (selfverdediging), noodtoestand, toestemming en statutêre bevoegdheid.<sup>209</sup> Indien bewys word dat die handeling die perke van een van bogenoemde oorskry het, sal die handeling steeds wederregtelik wees.<sup>210</sup> Ook indien bevind word dat die aanvaller ontoerekeningsvatbaar was, is daar nie skuld nie en gaan die dader vry uit.<sup>211</sup> Die handeling sal steeds wederregtelik wees,<sup>212</sup> maar die gedrag sal verskoon word as gevolg van jeugdigheid of patologiese ontoerekeningsvatbaarheid (byvoorbeeld geestesversteurdheid of 'n geestesgebrek).<sup>213</sup> Daar sal *bo redelike twyfel* bewys moet word dat die dader toerekeningsvatbaar was toe die moord gepleeg is.<sup>214</sup> Genadedood hef nie wederregtelikheid op nie.<sup>215</sup>

Alhoewel 'n skuldigbevinding in 'n strafsaak nie 'n voorvereiste is vir erfregtelike onwaardigheid nie, gebeur dit dikwels dat daar eers gewag word met die beredderingsproses vir die uitspraak in die strafgeding. Daar kan egter nie in die strafsaak 'n

bevinding oor die bevoegdheid om te erf gemaak word nie.<sup>216</sup> Die strafsaak sal gewoonlik opgevolg moet word deur 'n siviele aansoek.<sup>217</sup> Die aansoek word gewoonlik deur mede-erfgename, die familie of die eksekuteur gebring.<sup>218</sup>

'n Interessante geval doen hom voor in *S v Shaw*<sup>219</sup> waar 'n man aangekla en skuldig bevind is aan moord op sy vrou. Die appèl teen sy skuldigbevinding slaag, aangesien die staat nie sy saak bo redelike twyfel bewys het nie. Waar hy aanvanklik onbevoeg sou wees om te erf, mag hy nou bevoeg wees.<sup>220</sup>

### 5.3 Siviele sake

Wanneer die doodsveroorser nie onregmatig opgetree het nie, sal die dader wel kan erf.<sup>221</sup> De Waal en Zimmermann<sup>222</sup> noem "private defence, necessity, consent and statutory authority" as regverdigingsgronde in siviele gedinge en merk vervolgens op: "Unworthiness is judged with reference to distinctive criteria developed within the context of private law, independent of the rules applicable in criminal trial." In die geval waar die dader ontoerekeningsvatbaar of daar geregtverdigde doodslag was, sal die doodsveroorser bevoeg wees om te erf of ander bevoordelings te neem omdat sy daad nie as skuldig of onregmatig aangemerkt kan word nie.<sup>223</sup>

Twee gevalle waar die bevoegdheid om te erf in siviele gedinge aangehoor is, is eerstens *Gafin v Kavin*<sup>224</sup> waar 'n man sy vrou en twee van sy kinders doodgeskiet het. Die hof het bevind dat die man ten tye van die voorval geestesongesteld en dus ontoerekeningsvatbaar was. In die siviele geding is bevind dat hy van sy oorlede eggenoot kan erf.<sup>225</sup> Ook in *Ex parte Meier*<sup>226</sup> het die vraag ter sprake gekom of die seun van sy pa kan erf wat hy vermoor het. Aangesien hy geestesongesteldheid was, is bevind dat die seun wel bevoeg is om te erf.<sup>227</sup> In beide hierdie gevalle was die handelinge onregmatig, maar geestesongesteldheid het tot gevolg gehad dat daar nie skuld was nie.<sup>228</sup> Die bewyslas dat die ten laste gelegde daad (handeling) geregtverdig is of sonder skuld geskied het, moet op 'n oorwig van waarskynlikheid bewys word.<sup>229</sup>

Toestemming tot doodslag en vergifnis is nie geldige verwere nie.<sup>230</sup> In *Leeb v Leeb*<sup>231</sup> het die hof met verwysing na Voet opgemerk: "It is not the wish of the testator but the law itself which brings about ademption of bequests and declares the author of the killing to be unworthy; nor do things cease to have been obtained by crime because the testator did nothing at all to revoke the gift of them."

Genadedood sal ook nie as verweer geopper kan word in 'n aansoek oor die bevoegdheid al dan nie om te erf nie.<sup>232</sup> In *S v Hartmann*<sup>233</sup> het die hof bevind dat die dader geen genoegsame moorddadige opset, *dolus directus*, gehad het nie, maar daar was steeds 'n skuldigbevinding aan moord. Onlangs is Sean Davison in Nieu-Seeland skuldig bevind daarvan dat hy sy ma gehelp het om te sterf.<sup>234</sup> Dié hulpverlener sal onwaardig wees om te erf.

## 6. Onderhoud en regskoste

### 6.1 Algemeen

Soos hier bo aangedui is die algemene onwaardigheidsbeginsel reeds uitgebrei na onbevoegdheid om ander voordele van 'n slagoffer te neem, selfs voordele wat nie direk uit die boedel van die slagoffer toeval nie. Twee aspekte wat wel verband hou met eise teen die boedel en waaroor daar steeds onduidelikheid bestaan, is eerstens of die doodsvveroorsaker onderhoud kan eis uit die boedel van sy slagoffer, en tweedens of die doodsvveroorsaker daarop kan aanspraak maak dat sy regskostes uit die boedel van die persoon wie se dood hy veroorsaak het, betaal word. Beide hierdie aspekte het in die *Lotter*-saak ter sprake gekom.

### 6.2 Onderhoud

Afhanklike kinders het in beginsel 'n onderhoudseis teen die bestorwe boedel van hul ouers.<sup>235</sup> Meerderjariges het ook in gepaste gevalle 'n onderhoudseis teen hulle ouers se boedel.<sup>236</sup> Dit is egter nie duidelik of die gemeenregtelike onderhoudsaanspraak wat 'n "afhanklike" afstammeling het, óf die statutêre eis van 'n gade ingevolge die Wet op Onderhoud van die Langlewende Gades 27 van 1990 sal verval indien die afhanklike of gade die onderhoudpligtige se dood veroorsaak het nie.<sup>237</sup>

#### 6.2.1 Onderhoudseis van kind

'n "Afhanklike kind" wat aangekla word van moord op sy ouer of ouers, kan voor groot finansiële uitdagings te staan kom.<sup>238</sup> Die ondersoek en verhoor kan maande duur. Indien die afhanklike 'n minderjarige is, sal die kind in 'n plek van veilige bewaring of in die sorg van 'n voog geplaas word.<sup>239</sup> Daarteenoor sal 'n meerderjarige tydens die verhoor waarskynlik op borg uit wees of in aanhouding wees. In die *Lotter*-saak het die beskuldigdes (meerderjariges) 'n tussentydse aansoek teen die boedel van hulle vermoorde ouers aanhangig gemaak. Hulle voer aan dat hulle geregtig is om te erf, en hulle wil die geld vir hulle onderhoud gebruik. Hulle was in daardie stadium al vir tien maande van 'n kerk afhanklik om vir hulle toiletware in die tronk te bring. In die aansoek word beweer: "Ons is brandarm en is deur die familie verstoot."<sup>240</sup> Die vermoorde Lotter-egpaar het drie kinders gehad en laat 'n boedel van ongeveer R1,97 miljoen na. Die eis is deur die hof afgewys op grond daarvan dat hulle nie deur hulle eie misdaad verryk mag word nie.<sup>241</sup>

Daar is egter geen direkte gesag ten aansien van die "onwaardige minderjarige" afhanklike se onderhoudsaanspraak teen die boedel nie.<sup>242</sup> Du Toit<sup>243</sup> voer aan dat elke geval op sy eie meriete oorweeg sal word in die lig van die behoefté aan onderhoud, en die vermoë van die oorledene se boedel om onderhoud te betaal.,<sup>244</sup> Indien daar besluit moet word of 'n afhanklike wat sy ouer(s) vermoor het, 'n aanspraak op onderhoud het, sal die hof dit moet oorweeg aan die hand van (i) die algemene beginsels vir onderhoudseise (ii) met inagneming van die gemeenregtelike onwaardigheidsbeginsels. Du Toit meen dat daar wel 'n konflik van belang kan ontstaan tussen die las wat op die staat geplaas word aan die een kant en die aanspraak van die onderhoudsbehoefte aan die ander kant.<sup>245</sup>

Die beginsel is egter duidelik: 'n moordenaar (selfs 'n minderjarige) sal nie enige voordeel uit die boedel van sy slagoffer mag trek nie. Indien daar bevind word dat die dood wel wederregtelik (onregmatig) deur die afhanglike kind veroorsaak is, sal die kind onwaardig wees om te erf asook om ander voordele buite om die boedel, soos versekerings- en polisgelde, te ontvang. Indien die algemene gemeenregtelike beginsel van onwaardigheid om vermoënsregtelike voordele te ontvang verder toegepas word, behoort dit ook onderhou in te sluit, aangesien die moordenaar homself in sy eie onbenydenswaardige posisie geplaas het. Die afhanglike kind kan nie verwag om dieselfde lewenstandaard na die moord in die tronk as veroordeelde misdadiger of andersins te handhaaf nie. Indien 'n kind toegelaat word om onderhou te eis uit die boedel van sy ouer wat hy vermoor het, sal dit die algemene beginsels van onwaardigheid dwarsboom deurdat die kind homself verryk deur die pleeg van 'n misdaad. Sodra 'n kind strafregtelik skuldig bevind en tot tronkstraf gevonnis word, sal die versorgingsplig op die staat oorgaan.<sup>246</sup>

### *6.2.2 Onderhoudseis van gade*

Dieselfde beginsels wat by 'n onwaardige afhanglike kind geld, behoort ook ten opsigte van 'n onderhoudseis deur die "onwaardige gade" te geld. Alhoewel die basis van die eis van 'n gade die Wet op die Onderhoud van die Langlewende Gade is, bly die onwaardigheidsbeginsel se gemeenregtelike basis dieselfde.<sup>247</sup> 'n Persoon kan nie bevoordeel word as gevolg van 'n daad wat strafbaar is nie.<sup>248</sup> Daar moet in ag geneem word dat onderhoudseise wesenlik op redelikheid, billikheid en geregtigheid geskoei is.<sup>249</sup>

Corbett en ander merk op:<sup>250</sup>

While it is true that the issue is whether the surviving spouse is in need of maintenance and not whether such spouse has a right to a share in the estate, it is at least arguable that it could not have been intended by the legislature that the misconduct would never be relevant. *For example, would a spouse who murdered the deceased spouse have a claim for maintenance?*<sup>251</sup>

The difficulty is that once it is admitted that misconduct may disqualify the claim for maintenance, where is the line drawn? If misconduct is to be considered, should the criterion perhaps be public policy, so that it is only in the extreme case (as for instance where the surviving spouse murders the predeceased spouse against whose estate the claim for maintenance is made) that a claim for maintenance will not be met?

Geen gade behoort enige aanspraak te kan maak op onderhoud teen die boedel van die persoon wie se dood hy/sy veroorsaak het nie.<sup>252</sup> 'n Aansoek tot dié effek behoort nie te slaag nie.

### **6.3 Regskoste**

Die vraag of 'n slagoffer se boedel die wandader se regskoste moet betaal, het as deel van 'n onderhoudseis teen die voogdyfonds in *Caldwell v Erasmus* ter sprake gekom.<sup>253</sup> 'n Man wat sy seun vermoor het (en verhoorafwagtend is), stel 'n eis vir onderhoud en regskoste teen die boedel van die slagoffer in.<sup>254</sup> Die aansoek is later laat vaar. In *Masakale v*

Masakale<sup>255</sup> maak regter Maqutu van die Lesotho hoogste hof van appèl, met verwysing na die posisie van 'n verhoorafwagende, die volgende opmerking:

In *Caldwell v Erasmus NO & Another* 1952(4) SA 43 an indigent father was in prison awaiting trial on a charge of murdering his son. He made an application for his maintenance and that of his daughter and for special diet in prison paid out of his deceased son's estate and that *his defence be funded* out of his deceased son's estate. It was argued that applicant was a mere suspect and that his innocence should be presumed. Blackwell J at page 44 observed that: – “If it should transpire that the accused is guilty of murdering his son, he would be held in law *indignus* and unworthy to succeed. The Roman Dutch law would appear to go even further and hold that even if the heir had ‘any hand in the death of the deceased though it be only by neglect, he would be *indignus*’.”<sup>256</sup>

Die twee kinders in die *Lotter*-saak het nie net onderhoud geëis nie, maar ook aanspraak gemaak op hulle erfposries sodat hulle regskoste daaruit betaal kon word. Hul regsveteenwoordiger het aangevoer dat hulle onskuldig is totdat hul skuld bewys is en dat die eksekuteur sal fouteer indien hy nie die eis toestaan nie.<sup>257</sup> Soos hier bo verduidelik, is 'n skuldigbevinding egter nie 'n vereiste vir onwaardigheid in privaatregtelike sin nie. Barbeau en Umar<sup>258</sup> berig soos volg: “There was a civil application which her siblings lodged for their part of the inheritance to be used for legal fees and to hire expert witnesses which failed, and the decision of whether or not Nicolette and Hardus would inherit was pending the outcome of the trial.”<sup>259</sup> Die aansoek is van die hand gewys en daar is bevind dat hulle onwaardig is om te erf én om op enige koste aanspraak te maak.<sup>260</sup>

Uit die rapportering in *Beeld*<sup>261</sup> blyk dit dat 'n minderjarige se voog 'n dringende aansoek gebring het by die Noord-Kaapse höë hof teen die bestorwe boedel van sy vermoorde ouers en oorlede oupa vir die betaling van toekomstige regskoste.<sup>262</sup> Daar is reeds in die pers gespekuur oor wie aanspreeklik is vir dié regskoste nadat die oupa, wat volgens berigte borg gestaan het vir die regskoste van die minderjarige, onlangs oorlede is.<sup>263</sup> Die eksekuteur van die oupa (Steenkamp senior) se boedel staan die aansoek teen. Die voog vra dat die eksekuteur van Steenkamp senior se boedel “gemagtig en beveel word om die redelike en billike regskoste en advokaatgeld, prokureursgeld en groot uitgawes aan kundiges vir die verhoor te betaal”. Alternatief word gevra dat die eksekuteurs van die Steenkamp-egpaar se boedels gelas en gemagtig word om dié koste te betaal.<sup>264</sup> In die lig van die *Lotter*-saak (alhoewel hulle meerderjarig was) sal so 'n eis na alle waarskynlikheid afgewys word, tensy bewys word dat die afhanklike kind geregtig is op onderhoud wat regskostes insluit. Dit is ondenkbaar dat daar van die eksekuteur verwag kan word om voorskotte te maak aan 'n aangeklaagde of om geld beskikbaar te stel vir regskoste voordat daar uitsluitsel gegee is oor die aanspreeklikheid van die wandader. Die beskuldigde sal van regshulp gebruik moet maak indien hy nie self oor fondse beskik nie.

## 7. Representasie en volgorde van dood by onwaardigheid

### 7.1 Representasie

'n Onwaardige wandader in die Suid-Afrikaanse reg kan deur sy afstammelinge gerepresenteer word.<sup>265</sup> Indien daar egter nie afstammelinge is nie, sal die bemaking of voordeel verval en die bate sal terugval in die restant van die boedel of intestaat vererf.<sup>266</sup>

Statutêre bepalings maak voorsiening vir representasie in die geval van onwaardigheid in die testate en intestate erfreg.<sup>267</sup> Artikel 1(7) van die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987 bepaal dat indien 'n persoon onwaardig is om intestaat te erf, enige voordeel wat hy sou ontvang het indien hy nie onbevoeg was nie, vererf asof hy onmiddellik voor die dood van die erflater gesterf het, en asof hy nie onwaardig was nie.<sup>268</sup> Artikel 2C(2) van die Wet op Testamente het 'n soortgelyke bepaling. Daar is wel 'n verskil tussen die twee artikels wat 'n invloed kan hê op die uitkoms van die verdeling van 'n boedel. Artikel 1(7) verwys na 'n *onbevoegde persoon* wat gerepresenteer kan word (dus enige erfgenaam) asof hy vooroorlede is,<sup>269</sup> terwyl artikel 2C(2) verwys na 'n *afstammeling* se onwaardigheid (dus slegs afstammelinge en nie assendente of syverwante nie).<sup>270</sup> Die beginsels geld ook by repudiasie deur 'n persoon in die intestate erfreg en afstammeling in die testate erfreg.<sup>271</sup>

By gesinsmoorde waar 'n persoon en sy afstammelinge soms uitgewis word of waar die wandader selfmoord pleeg, kan die werking van representasie gekniehalter word. Daar is geen gerapporteerde Suid-Afrikaanse sake na 1992 wat handel met onwaardige persone se bevoegdheid om gerepresenteer te word nie.<sup>272</sup> Die eksekuteurs sal artikels 1(7) en 2C(2) toepas by die verdeling van die boedel indien daar onwaardige persone is. Veronderstel A, die pa van drie kinders D, E en C, vermoor eers sy oudste seun C en 'n uur daarna sy vrou B. By die oudste seun C se dood sal sy intestate boedel vererf na sy twee ouers in gelyke dele.<sup>273</sup> Sy moeder B erf die helfte van die boedel (sy het nog gelewe toe C vermoor is). Die ander helfte sou na A vererf, maar hy is onwaardig om van sy slagoffer te erf. Hy mag wel in die intestate erfreg gerepresenteer word deur sy kinders D en E. Hulle kry elkeen 'n kwart van C se boedel. Na B se dood word 'n testament gevind waarin A (die moordenaar) as enigste erfgenaam aanwys is. A is onbevoeg om van die slagoffer te erf aangesien sy 'n nabysterwant van C is, maar ook omdat hy haar vermoor het. Hy mag egter nie in die testate erfreg gerepresenteer word nie, aangesien artikel 2C(2) slegs op afstammelinge van toepassing is. Omdat die testament onuitvoerbaar is, vererf haar boedel ook intestaat. D en E sal elkeen die helfte erf, aangesien C vooroorlede is.

Die bevoegdheid van afstammelinge om by wyse van representasie te erf, het in *Crain v Crain*<sup>274</sup> in die staat van Louisiana in die VSA voorgekom. 'n Vrou het haar ouers vermoor. Sy is onwaardig om te erf, maar sy repudieer haar bevoordelings.<sup>275</sup> Haar voormalige man doen aansoek dat haar minderjarige kinders in haar plek erf. Haar broers voer egter aan dat hulle in die eerste graad verwant is en in die geval van haar repudiasie geregtig is op die bevoordeling. Die beginsels van Louisiana verskil egter van dié in die Suid-Afrikaanse reg. Representasie kan in Louisiana wel plaasvind by onwaardigheid maar nie by repudiasie nie.<sup>276</sup> Toegepas op die posisie in ons reg sou die vrou wel gerepresenteer mag word. Artikel 2C(2) bepaal dat indien 'n afstammeling (die dogter) van die erflaters (haar ouers) onbevoeg is óf afstand doen van haar bevoordeling, sal die persoon gerepresenteer word deur haar afstammelinge. In 'n ander VSA-sak, *State of Wisconsin v Eric G Koula*,<sup>277</sup> word die seun

van die slagoffers na 'n uitgerekte hofsaak skuldig bevind aan moord op sy ouers. Hy is onbevoeg om te erf. Daar was wel 'n bepaling in sy ouers se testament tot die effek dat die kleinkinders erf. Koula se kinders erf dus in sy plek aangesien hy onwaardig is.<sup>278</sup>

## 7.2 Volgorde van dood

By gesinsmoorde is die volgorde van dood 'n verdere belangrike aspek om in ag te neem tydens die beredderingsproses. Die belang daarvan is dat indien een persoon 'n ander oorleef, val die eerssterwende se boedel oop en kan die langslewende erf. Indien die opvolgende persoon dan sterf (die tweede slagoffer), het die regte reeds in sy boedel gevestig en sal die bates dan weer van hom af vererf. Die volgorde van dood is 'n feitevraag.<sup>279</sup> Veronderstel 'n man skiet sy vrou in die vroeë oggendure dood en sy twee stiefkinders ure later. Hy sal nie van sy vrou kan erf nie, maar haar kinders wat ten tye van die moord op hulle ma geleef het, sal van haar erf. Haar boedel val oop en setel dan in die kinders. By hulle dood 'n paar uur later sal hulle onderskeie boedels oopval en hulle erfgenaam aanspraak kan maak op dié boedels, wat die moeder se boedel insluit wat reeds in die kinders gevestig het. Indien hulle gelyktydig gesterf het, sal die boedels verdeel asof die een voor die ander gesterf het.<sup>280</sup>

Snyder merk in dié verband op:<sup>281</sup>

Courts generally treat unworthy heirs as though they were dead, so the gift that they would have gotten generally goes to whoever was named for the remainder (leftovers) of the estate, or to the unworthy heir's own heirs. Who receives the gift instead of the unworthy heir will be determined by the specifics of the case and by the state laws governing the issue. The children of a man convicted of murdering his parents will inherit money from their grandparents, after a probate court confirmed that the man cannot inherit from people he apparently killed.<sup>282</sup>

Die vraag na die volgorde van dood of gelyktydige afsterwe het ter sprake gekom in *Smith v Pretorius*<sup>283</sup> na die dood van Ray Gleimius en sy ma wat saam in 'n vliegtuigongeluk gesterf het. Alhoewel dit nie 'n gesinsmoord was nie, word die beginsel waar familielede gelyktydig sterf, goed geïllustreer. Gleimius se ma was sy enigste erfgenaam. Sy ma se erfgenaam was haar broer, wat aangevoer het dat Gleimius voor sy ma gesterf het, en dat sy dus eers van hom geërf het voor sy minute later self gesterf het.<sup>284</sup> Dit sou die broer die erfgenaam van beide se boedels maak. Die broer het die saak weens swak gesondheid laat vaar. Hierdie aangeleentheid het ook ter sprake gekom in die Kanadese saak *Jollimore Estate v Nova Scotia (Public Archives)*<sup>285</sup> waar die hof moes beslis of die seun wat sy ma vermoor en daarna selfmoord gepleeg het, tegnies geag word vooroorlede te wees. Die bepalings in haar testament was dat indien haar seun voor haar sterf, 'n liefdadigheidsinstansie haar boedel erf. Haar broerskinders het aangevoer dat die seun nie voor haar gesterf het nie en dat sy daarom intestaat gesterf het. Die hof het die testament uitgelê asof hulle gelyktydig gesterf het en die liefdadigheidsinstansie as die erfgenaam aangewys.

## 8. Bereddering van vermoorde se boedel

### 8.1 Algemeen

Ten einde te kan erf moet die aangewese bevoordeeldes op die tydstip wat die boedel oopval, bevoeg wees om te erf.<sup>286</sup> Die beredderingsproses neem 'n aanvang direk na die dood van die erflater. By gesinsmoorde sal die bereddering van meerdere boedels min of meer gelyktydig plaasvind. Omdat hierdie moorde gesinsverwant is, is die wandader en slagoffers dikwels potensiële erfgename van die ander slagoffers. Die eksekuteur sal by die verdeling van die boedel al die aspekte van die onwaardigheidsbeginsels toepas.<sup>287</sup>

Die kompleksiteit van die bereddering van meerdere persone se boedels kan aan die hand van die saak wat voor die Noord-Kaap hoë hof dien, en reeds hier bo ter sprake gekom het, verduidelik word. Hier sterf 'n pa, ma en hulle dogter oënskynlik gelyktydig. Daar is wel aanduidings dat die dogter langer as haar ouers geleef het. Die man en vrou laat 'n gesamentlike testament na. Die dogter sterf intestaat. Die man en vrou bemaak hul plase aan twee trusts en die trustbegunstigdes is twee minderjarige kinders. Een van die twee minderjariges was ook 'n slagoffer.<sup>288</sup> In die testament is die man se pa as eksekuteur aangewys. Daar is verdere bepalings oor die verdeling van die boedel in geval van gelyktydige afsterwe van die testateurs en daar is voorsiening gemaak vir substitusie waar die erfgename nie kan erf nie. Die dogter kan nie erf nie, aangesien sy ook gesterf het. Die eksekuteur wat as 'n substituut-erfgenaam aangewys is, sterf intussen self tydens die beredderingsproses. Sy boedel val ook oop. Sy vrou word as eksekuteur van sy boedel aangestel. Indien die oorlede eksekuteur van die eerste boedels kwalificeer as erfgenaam van sy seun en skoonogter (waaroor daar nog nie duidelikheid is nie), het die regte ten aansien van hulle boedels reeds in sy boedel gevestig en sal van hom af vererf. Die onwaardigheidsbeginsel moet ook van toepassing gemaak word op die nabyverwante van die slagoffers en die volgorde van dood moet in die verdeling van die boedels toegepas word.

### 8.2 Eise teen die boedel

'n Tweede probleem waarmee die eksekuteur tydens die bereddering van 'n bestorwe boedel gekonfronteer kan word, is eise deur potensiële onwaardige erfgename. Alle eise teen die boedel van 'n afgestorwene moet deur die eksekuteur oorweeg word tydens die beredderingsproses. Begunstigdes en skuldeisers is normaalweg eers geregtig op uitbetaling (of oordrag van bates) nadat die boedelrekening ter insae gelê het.<sup>289</sup> Tydens die beredderingsproses kan die eksekuteur egter in gepaste omstandighede tussentydse onderhoud aan afhanklikes van die oorledene betaal. 'n Tussentydse eis sal net soos alle ander eise teen die boedel aanhangig gemaak word en die eksekuteur sal die verantwoordelikheid dra vir die handhawing al dan nie van die eis. Die eksekuteur mag ingevolge artikel 26(1A) van die Boedelwet 66 van 1965 in die normale loop van omstandighede wel tussentydse onderhoud aan afhanklikes betaal en dit kan net met toestemming van die meester plaasvind.<sup>290</sup> Alternatief mag die eksekuteur voorskotte aan bevoordeeldes betaal.<sup>291</sup> In die meeste gevalle mag hy voorskotte sonder enige risiko gee, en dit is in die normale loop van omstandighede goeie beleid om oorskotkontant so gou moontlik aan die bevoordeeldes te laat toekom.<sup>292</sup> Indien die eksekuteur 'n eis awys, mag

die skuldeiser 'n beroep doen op die meester om die eis toe te staan.<sup>293</sup> Indien die meester weier om die eis te erken, mag die betrokke persoon hom of haar na die hof wend.<sup>294</sup>

Indien daar bewerings van 'n gesinsmoord of gesinsgeweld is en die onwaardigheid van begunstigdes ter sprake is, moet die eksekuteur buitengewone sorg aan die dag lê voordat onderhoulseise of aansprake teen die boedel uitbetaal word. Nalatigheid in die handhawing van eise kan daartoe lei dat die staat aanspreeklikheid opdoen.<sup>295</sup> Artikel 50 van die Boedelwet handel met die gevolge van 'n verkeerde verdeling deur 'n eksekuteur.<sup>296</sup> Dit is daarom gewens dat die eksekuteur by 'n gesinsmoord wag met die finale likwidasie-en-distribusie-rekening totdat daar uitsluitsel gegee is oor die bevoegdheid van aangewese begunstigdes.<sup>297</sup> Indien die eksekuteur onseker is, of indien hy gekonfronteer word met situasies wat problematies is, sal dit in belang van regsekerheid wees indien hy of die meester die hof vir 'n beslissing nader.<sup>298</sup> Indien gelde aan 'n persoon betaal is waarop hy nie geregtig is nie, kan dit deur die eksekuteur verhaal word.<sup>299</sup>

In die *Lotter*-saak is die eksekuteur met 'n tussentydse eis gekonfronteer. Die beskuldigdes het 'n aansoek gebring om geld uit hulle erfporties te ontvang, maar die eis is deur die hof afgewys.<sup>300</sup> In die Noord-Kaap hoë hof is daar 'n dringende aansoek deur die voog van 'n minderjarige vir betaling van regskoste.<sup>301</sup> Die aangeklaagde is tans in die sorg van 'n familievriend.<sup>302</sup>

### **8.3 Huwelik binne gemeenskap van goed**

'n Derde probleem waarmee die eksekuteur dikwels tydens die beredderingsproses gekonfronteer word in gevalle waar een gade 'n ander vermoor het, is die toepassing van die huweliksgoederereg. Die praktyk was om die huweliksgoederereg en die erfreg uitmekaar te hou. Die wandader sou onbevoeg wees om van die slagoffer te erf, maar kan sy deel van die gemeenskaplike boedel behou.<sup>303</sup> Indien een gade 'n ander gade met wie hy binne gemeenskap van goed getroud was, vermoor het, was die wandader dus hoogstens op die helfte van die gesamentlike boedel geregtig.<sup>304</sup> In *Leeb v Leeb* is die aansoek om die helfte van die gemeenskaplike boedel te ontvang egter verwys vir getuienis ten einde te bepaal of daar 'n verbeurdverklaring moet wees.

Curlewis<sup>305</sup> adviseer die eksekuteur in verband met die opstel van die boedelrekening waar onwaardigheid van 'n gade voorkom, dat die gade onbevoeg is om te erf maar wel geregtig is op die helfte van die gemeenskaplike boedel:

Should the liquidation and distribution account be drawn up as suggested, then there is probably no need to apply for a declaratory order. Should the executrix (or the surviving spouse) however, persist and decide to approach the High Court for a declaratory order that the surviving spouse is entitled to inherit from the deceased, such an application will in all probability fail.

### **8.4 Problematiek tydens die beredderingsproses**

Daar is 'n groot mate van onduidelikheid oor hoe bogenoemde vraagstukke in die praktyk deur die eksekuteur hanteer moet word. In die geval van gesinsmoorde moet die eksekuteur

buitengewone vakkennis hê ten einde voorsiening te maak vir al die moontlikhede. 'n Gebrek aan kennis kan daartoe lei dat ongemagtigde betalings of verdelings gedoen word.

Dit blyk uit gerapporteerde siviele sake dat die wandader gewoonlik aanspraak maak op voordele uit die boedel wat die eksekuteur of die meester dan awys.<sup>306</sup> Alternatief maak die mede-erfgename of familielede beswaar teen die bevoegdheid van die wandader om te erf.<sup>307</sup> Alhoewel die meester besware teen die awysing van 'n eis en besware teen die likwidasie-en-distribusie-rekening kan aanhoor,<sup>308</sup> kan hy nie 'n bevinding maak rakende die bevoordeelde se onbevoegdheid om te erf nie.<sup>309</sup>

Indien ongemagtigde betalings uit die bestorwe boedel gedoen is, sal daar regstappe deur die ander erfgename of eksekuteur gedoen moet word om teruggawe af te dwing.<sup>310</sup>

## 9. Samevatting

Dit is onteenseglik so dat die gemeenregtelike onwaardigheidsbeginsels in die Suid-Afrikaanse reg gewortel is. Die onsekerhede wat soms geopper word oor die basis van die reël kan toegeskryf word aan die persepsie wat bestaan dat die "bloedige hand"-reël se aanwending tot die erfreg beperk is. Dit is egter duidelik uit die gemeenregtelike bronne en regspreek dat die aanwending nie so beperk word nie.<sup>311</sup> Naas die spesifieke onwaardigheidsbeginsel is die algemene onwaardigheidsbeginsel wat 'n wandader verhoed om uit sy misdaad bevoordeel of verryk te word, stewig gevëstig, en telkens wanneer die vraag na onwaardigheid om voordele te neem voor die hof dien, word die beginsels streng toegepas.

Die omvang en toename in gesinsmoorde laat 'n mens met 'n gevoel van magteloosheid, juis omdat die erfreg 'n sosiale en ekonomiese funksie het wat verband hou met die instandhouding en die beskerming van die gesin as 'n sosiale eenheid.<sup>312</sup> Telkens wanneer doodslag in gesinsverband plaasvind, het dit tot gevolg dat hierdie sosiale eenheid verbrokkeld.<sup>313</sup> Alhoewel doodsvveroorsaking en afkeurenswaardige gedrag strafregtelik swaar gestraf word, neem misdade in familieverband steeds toe. Uit 'n privaatregtelike oogpunt is die sanksie dat 'n wandader onbevoeg is om te erf, en verder onbevoeg is om andersins bevoordeel te word. Daar kan egter beswaarlik geargumenteer word dat gevangenisstraf of die onwaardigheidsbeginsel as afskrikmiddels vir gesinsmoorde dien.

Die onwaardigheidsreël behoort teoreties outomaties toepassing te vind en dit is nie moontlik om te bepaal in watter mate dit wel in die praktyk gebeur nie.<sup>314</sup> Dit is verder ook onduidelik in watter mate die onwaardigheid om van nabyverwante te erf streng toepassing vind. In die praktyk kan dit gebeur dat 'n boedel oopval en indien geen beswaar gemaak word nie, kan die boedel beredder en afgehandel wees teen die tyd dat die wandader geïdentifiseer word. In die Abrahams-geval<sup>315</sup> het die seun reeds miljoene uitgeleef voordat hy drie jaar later van die moord op sy ouers aangekla is. In *S v Maqubela*<sup>316</sup> is die boedel as intestaat aangemeld en die vrou van die oorledene is ingevolge die intestate erfreg deur die meester as eksekuteur aangestel. Nadat sy vir die moord gearresteer is, het die meester haar versoek om sekerheid te stel. 'n Vervalste testament waarin sy as erfgenaam aangewys is, is daarna by die meester ingehandig.<sup>317</sup>

'n Mens kan slegs bespiegel wat die redes is waarom daar betreklik min toepaslike siviele sake gerapporteer word. Dit kan wees (i) dat die wandader, veral in geval van 'n gesinsmoord, dikwels selfmoord pleeg;<sup>318</sup> of (ii) dat die wandader ná die strafverhoor tot lang gevangenisstraf gevonnis is;<sup>319</sup> of (iii) dat die wandader nie aanspraak maak op die erfgedel nie of berus by die verdeling van die boedel wat hom uitsluit;<sup>320</sup> of (iv) dat die beginsels nie toegepas word nie weens 'n gebrek aan kennis oor die strekwydte van die reël en die omvang van onwaardigheid.<sup>321</sup>

Dit kom voor of die probleem nie werklik by die onwaardigheidsbeginsel lê nie, maar eerder by die toepassing daarvan tydens die beredderingsproses. Daar is etlike strafsake waar potensiële erfgename hulle aan moontlike onwaardigheid skuldig maak, maar dit is onbekend in watter mate hierdie wandaders vermoënsregtelike voordele verbeur. Veral in gesinsverband behoort die *conjunctissimi*-beginsel wye aanwending te geniet. Die probleem is dat die toepassing van die "outomatiese" reël afgewentel word na die eksekuteur wat die beredderingproses fasiliteer en die meester as toesighouer. Aangesien 'n skuldigbevinding in 'n strafsaak nie vereis word nie, laat dit die eksekuteur potensieel met ingewikkelde vrae oor die onwaardigheid van wandaders, aangesien nóg die eksekuteur nóg die meester 'n feitedispuut kan besleg.<sup>322</sup> Daar is dus geen ander uitweg vir die eksekuteur nie as om óf te wag vir die uitspraak in 'n strafsaak óf, andersins, die hof vir 'n verklarende bevel te nader.<sup>323</sup> Vraagstukke oor die toepassing van die onwaardigheidsbeginsels word tans op 'n een-vir-een-basis deur die howe hanteer.

Daar was in die verlede al verskeie oproepe om regshervorming:

- 'n Oproep om 'n meer formele formulering van die "bloedige hand"-reël in die Wet op Testamente ten einde die aanwending daarvan beter te reguleer.<sup>324</sup> Die afkeuring van die oortreder se gedrag sou hier as basis vir 'n bevinding dien.<sup>325</sup> Die Suid-Afrikaanse Regskommissie beveel aan dat 'n hof die bevoegdheid moet verkry om sowel die verwytbaarheid van 'n dader se optrede as die dader se vergifnis deur die erflater in ag te neem by beoordeling van die vraag of die dader testamentêre voordele van die slagoffer moet verbeur. Die howe moet oor hierdie bevoegdheid beskik in alle gevalle waar die dood opsetlik veroorsaak is of gepoog is om dit te doen, asook in gevalle waar die dood op nalatige wyse veroorsaak is en waarby aanranding betrokke was. Die voorstel het behels dat slégs 'n hof die gemeenregtelike beginsel oor onwaardigheid kon toepas en is gelukkig nie in wetgewing opgeneem nie. Die uitwerking van die bepaling sou wees om van die een uiterste na 'n ander uiterste te gaan en sou onnodige litigasie meebring.
- Ten aansien van die verbeurdverklaring van voordele by die huwelik binne gemeenskap van goed, 'n aanbeveling dat die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 gewysig word ten einde voorsiening te maak vir 'n verbeurdverklaring van voordele in ooreenstemming met die bepaling in die Wet op Egskeidings 70 van 1979.<sup>326</sup> Die voorstel kan tot regsekerheid meewerk. Die hof kan nietemin die algemene onwaardigheidsreël as basis vir so 'n verbeurdverklaring gebruik.<sup>327</sup>

- 'n Aanbeveling deur Sonnekus dat daaraan oorweging geskenk moet word om by wyse van 'n algemene regswysigingswet voorsiening te maak vir 'n algemene "burgerlike dood"-voorskrif vir gevalle wat moontlik problematies is.<sup>328</sup> Die bepaling moet voorsiening daarvoor maak dat die hof in die toekoms bloot met verwysing na die algemene beginsel dat niemand vermoënsregtelike voordeel uit sy eie wandaad mag trek nie, kan bevind dat die gevolge van die huweliksreg of versekeringsreg nie intree nie. Die voorstel behels 'n formulering geskoei op die gemeenregtelike beginsel, maar sal nie noodwendig regsekerheid bring nie.

Die goue draad wat deur al die hierdie voorstelle loop, is dat 'n *hof* telkens moetoordeel of die onwaardigheidsbeginsel toepassing vind al dan nie. Dit is juis die situasie soos wat dit op die oomblik is. Soos hier bo genoem, lê die probleem tans nie by die basis of aanwending van die beginsel nie, maar eerder by die praktiese afdwing daarvan deur die eksekuteur van die bestorwe boedel. Die oplossing behoort te wees om die eksekuteur en die meester in die besluitnemingsproses te bemagtig sonder inmenging in die bevoegdhede van die hof. Die Regskommissie het na aanleiding van 'n voorstel wel oorweging geskenk aan die moontlikheid om artikel 32 van die Boedelwet, wat riglyne bied oor die prosedure by betwiste vorderings, uit te brei na onbevoegdheid.<sup>329</sup> Die probleme kan nie werklik opgelos word deur te kyk na 'n wysiging van die Boedelwet nie, aangesien die beredderingsproses administratiefregtelik van aard is en dit nie prakties moontlik is om die magte en bevoegdhede van die meester of die eksekuteur in dié verband uit te brei nie. Verder maak die Boedelwet reeds daarvoor voorsiening dat die hof oor enige aangeleentheid die finale seggenskap tydens die beredderingsproses het.

Die oplossing lê moontlik daarin dat gepoog moet word om 'n balans te handhaaf tussen die toepassing van die onwaardigheidsbeginsels tydens die beredderingsproses en gevallen waar daar onsekerheid is en die hof moet toetree. Die beredderingsproses sluit aspekte soos aansprake op bevoordelings, eise teen die boedel, pensioenbetalings, polisuitbetalings en die huweliksgoedereg in.<sup>330</sup>

In die lig van die talle gesinsmoorde waar onwaardigheid ter sprake behoort te kom, is die tyd waarskynlik ryp om regshervorming in die vorm van wetgewing te oorweeg. As uitgangspunt moet dien die gemeenregtelike beginsel dat 'n persoon onwaardig is om bevoordelings te neem indien hy 'n *onregmatige daad gepleeg* het. Die rationaal bly dat 'n persoon nie deur sy eie misdaad verryk mag word of voordele mag verkry nie, ongeag of die voordele die wandader direk of indirek toeval. Deur statutêre bepalings kan 'n basis geskep word vir die eksekuteur om die beginsels wel soms outomaties toe te pas. Indien 'n wandader aanvoer dat hy geregtig is op bevoordelings van watter aard ook al, moet die dader die hof vir 'n bevel te dien effekte nader.

By die voorgestelde formulering van 'n onbevoegdheidsklousule het ek die bestaande artikel 4 en 4A van die Wet op Testamente as model gebruik. Die artikels reël tans die posisie ten aansien van bevoegdheid om te testeer en die onbevoegdheid van persone betrokke by die verlydingsproses om te erf met toepaslike uitsonderings.

Oorweging kan geskenk word aan die invoeging van 'n artikel 4B wat soos volg lui:

**Artikel 4B: Onbevoegdheid van persone om voordele van die oorledene te neem –**

(1) Iemand wat die dood van die erflater opsetlik of nalatig veroorsaak het of wat meegewerk het om die dood van die erflater te veroorsaak, is onbevoeg om enige voordeel uit die boedel van die oorledene te neem.<sup>331</sup>

(2) Iemand wat die dood van die erflater veroorsaak het of wat meegewerk het om die dood van die erflater te veroorsaak, is ook onbevoeg om van die ouers, kinders of gade van die erflater te erf.<sup>332</sup>

(3) Iemand wat andersins afkeurenswaardige gedrag teenoor die erflater getoon het, of wat 'n misdaad gepleeg het wat tot gevolg het dat 'n finansiële voordeel hom uit die boedel of buite om die boedel van die erflater toeval, is onbevoeg om sodanige voordeel te neem.<sup>333</sup>

(4) Ondanks die bepalings van subartikel (1)(2) en (3) –

(a) Kan 'n hof 'n persoon bevoeg verklaar om 'n voordeel te ontvang indien die hof oortuig is dat daardie persoon nie onregmatig of skuldig opgetree het nie.<sup>334</sup>

(b) Sal 'n skuldig bevinding aan 'n misdaad in 'n strafsaak wat verband hou met die dood van die oorledene of voordeel wat die persoon toeval, genoegsame bewys wees om subartikel (1) (2) en (3) in werking te laat tree.<sup>335</sup>

(5) 'n Voordeel sluit vir doeleindes van die subartikel (1), (2) en (3) die aanwysing as eksekuteur, trustee of voog van die erflater se boedel in.

Die intestate erfreg steun sover dit onwaardigheid aangaan op die gemeenregtelike bepalings. 'n Soortgelyke bepaling kan as artikel 1(8) in die Wet op Intestate Erfopvolging ingevoeg word. Die voorgestelde bepalings is 'n bevestiging van die gemeenregtelike onwaardigheidsbeginsels, maar versterk die hand van die eksekuteur in die toepassing daarvan.

**Bibliografie**

Abrie, W., B. de Clerq, C.R. Graham, M.C. Schoeman-Malan en P. de W. van der Spuy. 2011. *Bestorwe boedels*. Pretoria: Proplus.

Adams, K. 2013. Va. Supreme Court affirms mentally ill killer can't inherit. *The Virginian Pilot*. 18 Maart.

<http://hamptonroads.com/2013/03/va-supreme-court-affirms-mentally-ill-killer-cant-inherit>.

Ancestry24. Deceased estates and the law of succession. <http://ancestry24.com/learning-centre/deceased-estates-and-the-law-of-succession> (24 Julie 2013 geraadpleeg).

Aylwin, A. 2010. Comments on *Piché v Fournier*: Decision – a murderer entitled to inherit. *Trusts, Wills, Estates and Charities Bulletin*. 5 Julie.

Barbeau, N. 2009. Lotter kids war over R2m. *IOL-News*, 7 Junie.

Barbeau, N. en R.S. Umar. 2012. It's not over yet: Naidoo. *Daily News*, 20 Maart.

Basson, A. 2004. Vrou wou man doodmaak met insulienhamburger, hoor hof. *Beeld*, 30 April, bl. 2.

BBC news. 1995. OJ Simpson verdict: "Not guilty". 3 Oktober.

[http://news.bbc.co.uk/onthisday/hi/dates/stories/october/3/newsid\\_2486000/2486673.stm](http://news.bbc.co.uk/onthisday/hi/dates/stories/october/3/newsid_2486000/2486673.stm) (15 Julie 2013 geraadpleeg).

Beeld. 2013a. Lokval vir sy gesin. 2 dogters sterf ná skote. 19 Julie.

<http://www.beeld.com/nuus/2013-07-19-lokval-vir-sy-gesin> (19 Julie 2013 geraadpleeg).

—. 2013b. Baba sterf: Vrou glo bang. 30 Julie. <http://www.beeld.com/nuus/2013-07-30-baba-sterf-vrou-glo-bang> (29 Julie geraadpleeg).

—. 2013c. Griekwastad saak: Voog vra geld. 14 September.

<http://www.beeld.com/nuus/2013-09-14-griekwastad-saak-voog-vra-boedelgeld> (18 September 2013 geraadpleeg).

Breytenbach, K. 2008. Taliep's R4m loss was "motive". *IOL-News*, 31 Julie.

Broughton, T. 2009. Lotter pair may be cut off from family money. *IOL-News*, 9 Desember.

Bruwer, P. 2012. Griekwastad–moorde: Familielid vas. *Maroela media*, 21 Augustus.

Bürger, V. 2013. Boervrou aangekla oor haar man. *Volksblad*, 25 Februarie.

Bürger, V. en M. Swart. 2012. Harrismith–moorde: Predikantseun lê bekentenis voor landdros af. *Volksblad*, 14 November.

CNN news. 1997. Jury unanimous: Simpson is liable. 4 Februarie.

<http://edition.cnn.com/US/9702/04/simpson.verdict1/index.html> (15 Julie 2013 geraadpleeg).

Coetzee, F. 1999. Seun skuldig oor polisse ná moord op pa. Hy en ma vervals doodsertifikaat. *Volksblad*, 21 Mei.

Corbett, M.M., G. Hofmeyr en E. Kahn. 2001. *The law of succession in South Africa*. 2de uitgawe. Kaapstad: Juta.

Cronjé, D.S.P. en A. Roos. 2002. *Erfregvonnisbundel*. Pretoria: Unisa Uitgewers.

Cruywagen, V. 2013. Fight over slain music icon Taliep Petersen trust to court. *The New Age*, 6 Mei.

Curlewis, L.G. 2012. De bloedige hand neemt geen erf. *Ordenuus*. Prokureursorde van die Noordelike Provinsies. 27 Julie.

[http://www.northernlaw.co.za/communication\\_unit/society\\_news/2012/Issue140\\_Society\\_News\\_July\\_2012.pdf](http://www.northernlaw.co.za/communication_unit/society_news/2012/Issue140_Society_News_July_2012.pdf)(22 Februarie 2013 geraadpleeg).

De Bruin, P. 2009. "De bloedige hand en neemt geen erf". *Beeld*, 19 April.

De Lange, A. 2005. Vergifting en gesinsmoord. *Beeld*, 5 April, bl. 6.

De Nysschen, L. 2004. Oud-Bok skiet dogter per ongeluk: Sien haar in donker vir motordief aan. *Volksblad*, 24 Mei, bl. 1.

De Waal, M.J. 1997. The social and economic foundations of the law of succession. *Stellenbosch Regstydskrif*, 8(1):162–75.

De Waal, M.J. en M.C. Schoeman-Malan. 2008. *Erfreg*. 4de uitgawe. Kaapstad: Juta.

De Waal, M.J. en R. Zimmermann. 2011. The meaning and application of the bloedige hand rule in the Roman-Dutch and modern South African law of succession. In Mostert en De Waal 2011.

De Wee, M. 2010. Regtersvrou ook verkla van bedrog. *Beeld Argief*, 4 Augustus, bl.14.

Die Burger. 2013a. Seun vra of hy plaas sal erf. 27 Maart. [www.dieburger.com/.../2013-03-27-seun-vra-of-hy-plaas-erf](http://www.dieburger.com/.../2013-03-27-seun-vra-of-hy-plaas-erf) (12 Mei 2013 geraadpleeg).

—. 2013b. Wêreldreis ná moord. 12 Mei. [www.dieburger.com/nuus/2013-05-12-wreldreis-n-moord](http://www.dieburger.com/nuus/2013-05-12-wreldreis-n-moord) (26 Junie 2013 geraadpleeg).

Du Toit, F. 2001. 'n Verdere perspektief op die sosiale en ekonomiese grondslae van die Erfreg. *Tydskrif vir Regswetenskap*, 26(1):1–18.

—. 2012. Erfregtelike onwaardigheid: Enige lesse te leer vir die Suid-Afrikaanse reg uit die Nederlandse reg? *Stellenbosch Regstydskrif*, 23(1):137–56.

European Court of Human Rights. 2009. *Velcea and Mazăre v Romania* 64301/01, 1 Desember. <http://hudoc.echr.coe.int/sites/eng-press/pages/search.aspx?i=003-2951384-3247889> (17 April 2013 geraadpleeg).

Fitzpatrick, M. 2003. Ons almal kán moor. Om te praat én te luister kan dalk net gesinsmoorde te keer. *Beeld*, 3 Julie, bl. 12.

—. 2013. Ou wonde weer oop. *Huisgenoot*, 1 Augustus, bl. 102.

Fourie, H. 2011. Vrou moor eie seun, kleinkind. *Beeld*, 20 April.

—. 2012. 2 skuldig aan moord op baba. "Ma doen niks om hom te help". *Beeld*, 14 Augustus, bl. 1.

Gunning, E. 2009. Seun skiet glo sy pa dood in Stilbaai. *Die Burger*, 4 Desember.

Havenga, P. 2006. Murder for insurance: Policy pays out "life". *Fundamina*, 12(2):52–70.

Hindustan Times. 2010. Indian youth charged for arranging parents murder. 1 September. <http://www.hindustantimes.com/Indians-Abroad/IndiansAbroadnews/Indian-youth-charged-for-arranging-parents-murder/Article1-594711.aspx> (22 Julie 2013 geraadpleeg).

Huisgenoot. 2010a. Kind vas oor moord op sy ouers. 3 September. <http://huisgenoot.com/nuus/kindvasoormoordopsouers> (20 Maart 2013 geraadpleeg).

—. 2010b. Gesinsmoorde: 3 ma's praat oor hartseer. 2 Desember. <http://huisgenoot.com/nuus/gesinsmoorde-3-mas-praat-oor-hartseer> (1 Augustus 2013 geraadpleeg).

Jansen, J. 2012. BBC wys nuwe videomateriaal van voor Dewani-moord. *Rapport*, 24 Maart.

Joffe, H. 2009. The bloody hand cannot inherit. *The Step Journal*, Maart 2009. [http://www.stepjournal.org/journal\\_archive/2009/march\\_2009/the\\_bloodyhand\\_CANNOT\\_inherit.html](http://www.stepjournal.org/journal_archive/2009/march_2009/the_bloodyhand_CANNOT_inherit.html) (17 April 2013 geraadpleeg).

Jones, M. 2011b. No jail for man who helped his mom die. *Cape Times*, 25 November.

Jonker, I. 1997. Man "sal niks erf" as hy Pta-miljoenêr vermoor het. *Beeld Argief*, 30 Augustus, bl. 3.

—. 1998a. Poppie Smook moet 25 j. sit. "Het nie berou oor man se dood". *Beeld Argief*, 5 Augustus.

—. 1998b. Man sit lewenslank weens huurmoord, Minnaar "was soos pa vir hom". *Beeld Argief*, 28 Oktober, bl. 6.

Jordan, M. 2009. Meer gesinsmoorde dalk in feestyd gepleeg. *Rapport*, 19 September.

Jungen, A. 2013a. Koula's kids to inherit \$740K. *La Crosse Tribune*, 28 Maart.

—. 2013b. Koula blocked from dead parents' assets. *La Crosse Tribune*, 18 April.

Kahn, E. 2003. *Bloody hand!: Wills and crimes*. Siberink: Kaapstad.

Kemp, C. 2012. "Dis g'n gewone moord". *News24*. 9 April. <http://afrikaans.news24.com/Suid-Afrika/Nuus/Dis-gn-gewone-moord-20120409> (10 Junie 2013 geraadpleeg)

—. 2013a. GW-stad: Vrae oor regskoste. *Volksblad*, 26 Julie.

- . 2013b. Don Steenkamp erf R500 000 van oupa. *Beeld*, 13 Augustus.
- Keppler, V. 2004. Maak “bang ouers” tydbom-kinders groot? *Rapport*, 29 Augustus, bl. 23.
- Knoetze, D. 2012. My duty to help people die – Davison. *IOL-news*, 2 November.
- Lategan, D.M.D.V. 2010. “Bloedige hand”-beginsel in gevalle van natalige doodsveroorsaking en boedelbeplanning. Ongepubliseerde LLM-verhandeling, Noordwes-Universiteit.
- Legal briefs. 2013a. Man charged with murdering grandmother faces additional rape charge. Uitgawe 3297, 18 Junie.
- . 2013b. Policeman tells of murders of mother and daughters. Uitgawe 3323, 24 Julie.
- . 2013c. 17-year-old boy accused of stabbing his father to death. Uitgawe 3322, 23 Julie.
- . 2013d. 14-year-old boy who allegedly hacked his mother, two siblings, and his grandmother to death. Uitgawe 3321, 22 Julie.
- Liebenberg, D. 2009. Ouermoord: Seun, dogter wil vir regshulp uit boedel betaal. *Beeld*, 29 Mei.
- . 2011. Moord op ouers was lank, pynlik. *News24*, 26 Oktober.
- . 2012. Vrou vas wat wou moor om te erf. *Beeld*, 29 Oktober.
- Lombaard, S. 2012. Pa wat dogter per ongeluk skiet: strafbaremanslag-saak geopen. *Maroela media*, 19 Mei. <http://maroelamedia.co.za/blog/nuus/pa-wat-dogter-per-ongeluk-skiet-strafbaremanslag-saak-geopen/> (17 Augustus 2013 geraadpleeg).
- Louw, A. 2002. Akteur “stukkend” ná skokmoorde. *Volksblad*, 4 Julie.
- Louw-Carstens, M. en H. Fourie. 2012. Kotzé–slagoffer vertel van seun se dood. *News24*, 14 Januarie.
- Mail & Guardian. 2013. Judge Maqubela's murder trial postponed. 6 Augustus. <http://mg.co.za/article/2013-08-06-judge-maqubelas-murder-trial-postponed> (12 Augustus 2013 geraadpleeg).
- Malan, M. 2012. Lottermoordenaars se sus praat oor haar pyn. *Rapport*, 17 Maart.
- Matthee, J.L. 2009. Die mishandelde vrou in die strafreg: 'n regsvergelykende ondersoek. *Potchefstroom Elektroniese Regsblad*, Vol 12(4):215–45.
- Meyer, L. 2001. Gesiene man aangekla ná moord op sy geliefde vrou. *Rapport*, 8 Desember.

Mircea, D.B. 2011. Approaches on the settlement of inheritance by right of representation under the new civil code. 10 September. *Romanian Review of Private Law*, 5(1). Beskikbaar by [http://papers.ssrn.com/sol3/papers.cfm?abstract\\_id=1921165](http://papers.ssrn.com/sol3/papers.cfm?abstract_id=1921165) (17 Augustus 2013 geraadpleeg).

Morkel, D. 2013. Killer dad jailed for 12 years. *Legalbrief*. 19 Junie. <http://www.legalbrief.co.za/article.php?story=20130616131958806> (19 Junie 2013 geraadpleeg).

Mosamo, S. 2013. Teen axe murder case postponed. *Eye witness news*, 27 Mei.

Mostert H. en M.J. de Waal. 2011. *Essays in Honour of CG van der Merwe*. Durban: Lexis Nexis.

Mulder, N. 2002a. Broer skiet broer ná ouermoord. *Beeld Argief*, 30 Julie.

—. 2002b. Verdagte in gesinsmoord sou erf. *Beeld*, 2 Augustus.

Neethling, J. en J.M. Potgieter. 2010. *Neethling-Potgieter-Visser Deliktereg*. 6de uitgawe. Durban: LexisNexis.

Nel, C. 2011. Ruby Marais se straf ligter gemaak. *Die Burger*, 23 Desember.

News24. 2009. Lotters' court bid dismissed. 30 Oktober.

<http://www.news24.com/SouthAfrica/News/Lotters-court-bid-dismissed-20091030> (30 Julie 2013 geraadpleeg).

—. 2011a. Jong ma in tronk na sy baba vergiftig. 12 Oktober.

<http://m.news24.com/nuus24/Suid-Afrika/Nuus/Jong-ma-in-tronk-na-sy-baba-vergiftig-20111012> (6 Augustus 2013 geraadpleeg).

—. 2011b. Vrou en kinders moor pa. 27 Julie. <http://afrikaans.news24.com/Suid-Afrika/Nuus/Vrou-en-kinders-moor-pa-20110727> (14 Mei 2013 geraadpleeg).

—. 2012a. Paartjie vas ná seun (5) se dood. 13 November.

<http://afrikaans.news24.com/Suid-Afrika/Nuus/Paartjie-vas-na-seun-5-se-dood-20121113> (28 Januarie 2013 geraadpleeg).

—. 2012b. Man "hou gevaar in" nadat hy sy ouers vermoor. 18 Januarie.

<http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2012/10/19/B1/4/pvwlester.html> (23 April 2013 geraadpleeg).

—. 2012c. Riebeeckstad – man gestraf na moord op vrou. 4 September.

[\(23 April 2013 geraadpleeg\).](http://afrikaans.news24.com/Suid-Afrika/Nuus)

—. 2012d. Welkom man sit lewenslank vir gru-moord. 13 Desember.

<http://afrikaans.news24.com/Suid-Afrika/Nuus/Welkom-man-in-tronk-na-moord-op-suster-swaer-20121213> (23 April 2013 geraadpleeg).

—. 2012e. Seun weer in hof vir moord op predikant-pa. 12 Desember.  
<http://afrikaans.news24.com/Suid-Afrika/Nuus/Seun-weer-in-hof-vir-moord-op-predikant-pa-20121212> (23 April 2013 geraadpleeg).

—. 2012f. Pastoriemoord: Seun beken skuld. 15 November.  
<http://afrikaans.news24.com/SuidAfrika/Nuus/PastoriemoordSeunbekenskuld20121115> (23 April 2013 geraadpleeg).

—. 2013a. Alleged killer dad “hated” baby. 7 Junie. <http://afrikaans.news24.com/Suid-Afrika/Nuus/Ma-kinders-vas-oor-moordkomplot-2013> (28 April 2013 geraadpleeg).

Niedermayer, R. en T. Butler. 2012. Preventing an N.S. killer from benefiting from a will. *Step Inside*, 11(1):8.

Otto, H. 2011. 15 j. vir ma wat baba vermoor. *Beeld*, 12 Oktober.

—. 2013a. Oordosis vir 2: Ma 'n “zombie”. Bejaarde getuig teen sy dogter. *Beeld*, 3 Februarie, bl. 6.

—. 2013b. Ouers verskyn weer ná dood van seuntjie (5). *Volksblad*, 13 Februarie.

Peters, S. 2013. Man sues after jailed for wife's murder. *IOL news*, 11 Junie.

Phaliso, S. en Y. Naidoo. 2009. Taliep Petersen's insurance payout contested by family. *West Cape News*, 24 Julie.

Pidd, H. 2013. Man who killed parents for £230,000 estate was “ultimate ungrateful son”. *The Guardian*, 27 Maart.

Pretorius, J. 2013. As 'n pa sy dogters skiet. *Beeld*, 22 Julie. Prince, L. 2007a. Die volle waarheid oor Petersen se boedel. *Die Burger*, 18 Mei, bl. 12.

—. 2007b. Crossbow killer gets strict parole. *News24*, 14 September.

Rapport. 1998. Boedel moet opdok vir onderhoud. 16 Augustus, bl. 4.  
<http://152.111.1.87/argief/berigte/rapport/1998/08/16/4/15.html> (19 April 2013 geraadpleeg).

SA Law. 2011. Intestate Inheritance Law. Ongedateer.  
<http://www.justanswer.com/south-africa-law/5eb7f-intestate-inheritance-law.html> (16 September geraadpleeg).

—. 2012. Murdered mother last year arrested. 11 Junie.  
<http://www.justanswer.com/southafricalaw/6s2w4sistermurderedmotherlastyeararrested.html> (15 Mei 2013 geraadpleeg).

Sapa. 2012. Time for SA to discuss euthanasia. 4 Mei. <http://www.iol.co.za/news/south-africa/time-for-sa-to-discuss-euthanasia-1.1289463> (14 Mei 2013 geraadpleeg).

- . 2013. Verdediging sluit saak teen Thandi Maqubela. 20 Augustus. <http://www.ofm.co.za/article/135328/Verdediging-sluit-saak-teen-Thandi-Maqubela> (22 Augustus geraadpleeg).
- Sarie. 2009. Ek ontmoet my pa se moordenares. Augustus. <http://www.sarie.com/lewe-liefdes/eie-stories/ek-ontmoet-my-pa-se-moordenares-1>. (25 Julie 2013 geraadpleeg).
- SARK (Suid-Afrikaanse Regskommissie). 1991. *Hersiening van die erfreg*. Verslag. Projek 22. Pretoria.
- Schoeman, M.C. 1992. Bevoegdheid van persone om erfregtelik beoordeel te word. *De Jure*, 24(1):38.
- . 1994. Nalatige doodsvveroorsaking: statutêre hervorming van die erfreg? *Tydskrif vir Hedendaags Romeins-Hollandse Reg*, 57(1):114.
- Scholtz, H. 2013a. Lets het ons Paul laat knak. *Huisgenoot*, 1 Augustus.
- . 2013b. Griekwastad: Vermoorde Deon betaal 16-jarige se regskostes. *Huisgenoot*, 25 April.
- Scholtz, H. en H. Wondergem. 2011. Hartseer, woede ná pa sy hele gesin uitwis. *News24*, 14 Augustus.
- Schroder, H. 2011. Geweld: vroue swyg. *Worcester Standard*, 1 Desember.
- Schroeder, F. 2013. Squabble over Taliep's R5.3m trust. *IOL-News*, 4 Mei.
- Slabbert, N. 2012. Skietvoorval laat vrou en aangename seun dood. *Pretoria Noord*, 27 Maart.
- Smit, K. 2007. Kadwa "recoiled from dying dad". *Beeld*, 14 April.
- Snyder, P.A. 2013. Grandchildren will inherit instead of father in murder case. *Heirs & Beneficiaries*. 29 Maart. <http://www.estatebiz.net/blog/2013/03/grandchildren-will-inherit-instead-of-father-in-murder-case.shtml> (16 April 2013 geraadpleeg).
- Snyman, C.R. 2012. *Strafreg*. 6de uitgawe. Durban: LexisNexis.
- Sonnekus, J.C. 1997. Verwaarlozing, representasie en onbevoegdheid in die intestate erfreg. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 60(1):504–9.
- . 2010. Onwaardigheid vir erfopvolging én versekeringsbegunstiging. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, (1):175–85.
- Sonnekus, J.C. en J.C. van der Walt. 1992. Die nalatige bloedige hand – voor die Hof én die wetgewer. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, (1):147–54.

- Steenkamp, J. 2012a. Don erf alles. *Rapport*, 6 Augustus.
- . 2012b. Leraar-seun pas uit tronk. *Rapport*, 11 November.
- . 2013a. Don sr. veg om sy lewe. *Rapport*, 27 Julie.
- . 2013b. Wie betaal nou? *Rapport*, 3 Augustus.
- Stoica, V. 2012. General considerations on matters of unworthiness estate. 24 November. *Journal of Criminal Investigation*, 5(1). <http://ssrn.com/abstract=2255999>. (19 April 2013 geraadpleeg).
- Strydom, N. 2011. Pa moor kinders, vrou pleeg selfmoord. *Maroela media*, 13 Augustus.
- . 2012. Ma wat glo kind vermoor se saak uitgestel. *Maroela media*, 16 Februarie.
- . 2013. Vrou vas na moord op haar man. *Maroela media*, 7 Februarie.
- Swanepoel, M. 2010. Stofpad na menswees: Vrou praat ná die moord op haar man. *Sarie*. November.
- Swart, M. 2012. Harrismith: Skokwending. *Volksblad*, 9 November.
- Swart, P. 1998. Gierige vroue moor hul mans ál meer. *Rapport*, 1 November, bl. 17.
- Tancred, E. 2005a. Bolandse “Rooi Moer” 'n “maniak” – Sy vrou was vir hom “n trofee”. *Rapport*, 25 September, bl. 4.
- . 2005b. “Rooi Moer” kry 10 j. oor moord. *Rapport*, 22 Oktober.
- Tempelhoff, E. 2006. Moordenaar. *Beeld*, 17 Junie.
- The Law Commission. 2003. *The forfeiture rule and the law of succession*. Consultation Paper No. 172. 30 September. Londen: TSO.
- The Times of Malta. 2012. Husband who killed wife unworthy of inheritance. 21 April. <http://www.timesofmalta.com/articles/view/20120421/local/Husbandwhokilledwifeunworthyofinheritance.416376> (19 April 2013 geraadpleeg).
- Toerien, H. 2012a. Nuuskomentaar: Stille uitroep om hulp en gesinsmoorde. *Maroela media*. 23 Januarie. <http://www.koerant.co.za/?p=7086> (18 April 2013 geraadpleeg).
- . 2012b. Nuuskomentaar: Misdaadstatistiek en persepsies daarvan. *Maroela media*, 21 September. <http://maroelamedia.co.za/blog/nuus/nuuskomentaar–misdaadstatistiek–en–persepsies–daarvan/> (1 Mei 2013 geraadpleeg).
- Umar, R.S. 2011. Lotters killing “purely financial”. *IOL-News*, 1 November.

—. 2013. Mental check for matricide accused. *IOL-News*. 19 Junie.

Van Buul, S. 2009. Man skuldig aan dubbele moord op eksvrou, skoonma. *Beeld Argief*, 9 Maart, bl. 4.

Van der Berg, A.F. 2006. Die reg van die individu op beskerming teen alle vorme van misdaad en die regslig van die staat wat daaruit voortvloeи. Ongepubliseerde LLM-verhandeling. Noordwes-Universiteit.

Van der Merwe, J. 2013. Mesmoord: Vrou straks aangekla. *Volksblad*, 22 Januarie.

Van der Merwe, N.J. en C.J. Rowland. 1990. *Die Suid-Afrikaanse erfreg*. 6de uitgawe. Pretoria: J.P. van der Walt.

Van der Walt, J.C. en J.C. Sonnekus. 1981. Die natalige bloedige hand – neem dit erfenis? *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg*, (1):30–45.

Van der Westhuizen, F. 1997. Du Toit het reuse-skuld só afgelos, erfgedl laat miljoenêr glo kop bo water hou. *Beeld*, 22 Augustus.

Van Heerden, S. 2012. Paartjie in hof oor hulle kind glo mishandel, vermoor. *Maroela media*, 13 November.

—. 2013. Griekwastad-moord: Seun erf R23 miljoen. *Maroela media*, 24 April.

Van Leeuwen, S. 1732. *Het Rooms-Hollands-Regt*. Amsterdam.

Van Rooyen, M. 2012. Moordenaar kan nie erf, sê die reg. *Volksblad*, 23 Augustus.

—. 2013a. Don erf R23 miljoen en ouers se wapens. *Beeld*, 23 April.

—. 2013b. Jare lange hoftwis oor erforsie op 'n einde. *Volksblad*, 18 Februarie, bl. 2.

—. 2013c. Vermoor vir erforsie? Moontlike motief vir pastorie-moord. *Volksblad*, 5 Augustus.

Van Wyk, P. 2010. Lewenslank vir moord op ouers. *Beeld*, 3 September.

—. 2012. Man "hou gevaar in" nadat hy sy ouers vermoor. *Beeld*, 19 Oktober, bl. 1.

Venter, Z. 2012. Baby Wade murderers to be sentenced. *IOL-News*, 14 Augustus.

Viljoen, B. en H. Otto. 2013. Meisie (11) vlug uit moordhuis. *Volksblad*, 7 Januarie.

Voet, J. 1698–1704. *Commentarius ad Pandectas*. Den Haag.

Volksblad. 2013. Weduwee stel eis in. 9 Mei. <http://www.volksblad.com/nuus/2013-05-09-weduwee-stel-eis-in> (18 Julie 2013 geraadpleeg).

Williams, J. 2012. Violence in intimate relationships: "Till death do us part". *Women's Legal Centre*.[http://www.wlce.co.za/morph\\_assets/themelets/explorer/violence\\_against\\_women/General/Violence\\_in\\_Intimate\\_relationships.pdf](http://www.wlce.co.za/morph_assets/themelets/explorer/violence_against_women/General/Violence_in_Intimate_relationships.pdf) (26 Junie 2013 geraadpleeg).

Zwecker, W. 1990. Pa vermoor uit genade, hoor hof. *Beeld Argief*, 16 Oktober.

—. 2013. Gesinsmoord in Alberton: Ek het die skote gehoor. *Beeld*, 19 Julie.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Jordaan (2009); Keppler (2004:23) wat aanvoer dat kinders en volwassenes in Suid-Afrika al gedesensiteer is vir geweld. Vgl. Pretorius (2013) wat berig: "As 'n pa sy dogters skiet" en n. 12 hier onder.

<sup>2</sup> Vgl. Liebenberg (2011) i.v.m. die Lotter-moorde; Van Heerden (2012) i.v.m. 'n paartjie wat hulle kind mishandel en vermoor; Bruwer (2012) i.v.m. die Griekwastad-moorde; Zwecker (2013) i.v.m. 'n pa wat sy twee dogters doodskiet; News24 (2013a) berig: "Alleged killer dad 'hated' baby".

<sup>3</sup> Schroder (2011) waar aangevoer word dat gesinsgeweld diep in die Suid-Afrikaanse gemeenskap gewortel is en traumatische newe-effekte op die slagoffers het. Sien ook Keppler (2004:23); Matthee (2009); Jordaan (2009); Pretorius (2013).

<sup>4</sup> Keppler (2004:24). Jordaan (2009) voer aan dat gesinsmoorde selde in die hitte van die oomblik gepleeg word en dikwels lank vooruit beplan word.

<sup>5</sup> Snyman (2012:465).

<sup>6</sup> Sien Toerien (2012a en 2012b) se artikel: "Stille uitroep om hulp en gesinsmoorde"; De Lange (2005:6) wat verwys na die program *3rd Degree* wat op e.tv gebeeldsaai is met die titel "Behind close doors" en waar berig word oor drie gesinsmoorde wat binne drie weke gepleeg is.

<sup>7</sup> *S v Petersen* [2008] ZAWCHC 64, waar sy vrou saamgesweer het om hom te vermoor.

<sup>8</sup> Jansen (2012). 'n Uitleweringsaansoek dien tans in Brittanje. Sien *The Government of South Africa v Shrien Dewani*). Vgl. <http://www.politicsweb.co.za/politicsweb/view/politicsweb/en/page7> (5 Augustus 2013 geraadpleeg).

<sup>9</sup> *S v Lotter* [2012] ZAKZDHC 50.

<sup>10</sup> Wyle ds. Brits se aangenome seun het reeds op die klag van moord en aanranding verskyn. Sien ook Swart (2012); News24 (2012e) wat berig oor dié seun wat skuld beken.

<sup>11</sup> Louw-Carstens en Fourie (2012); Sien ook *Beeld* (2013a).

<sup>12</sup> Pretorius (2013) oor die traumatische uitwerking van so 'n daad.

<sup>13</sup> Bruwer (2012); Kemp (2012). Die saak is slegs deels verhoor.

<sup>14</sup> Swart (1998:17) noem gierigheid as motivering vir moord deur vroue op hul mans en verwys na die volgende vroue: Smook; Worstman; Chatburn en Leeb wat elk vir 25 jaar tronk toe gestuur is en Du Toit vir 20 jaar.

<sup>15</sup> Jordaan (2009) noem wraak deur een ouer op 'n ander ouer; Toerien (2012b) verwys na ekonomiese omstandighede en depressie; Umar (2011) bespreek die Lotter-moorde as "Lotters killing 'purely financial'". Sien ook News24 (2013a) wat berig oor die pa van 'n vermoorde baba wat gevoel het die baba ontneem die ouers van hulle jeug.

<sup>16</sup> Vgl. verder Jonker (1997); *S v Maqubela* (Wes-Kaapse hofrol 12 Desember 2011); en *S v Manyape* (saaknr. 159/97 (T)) waar dr. Sabadia huurmoordenaars gekry het om sy vrou te ontvoer en te vermoor vir polisgeld; *Du Toit v Standard General Insurance Co Ltd* 1994 1 SA 682 (W) waar Du Toit polisgeld verbeur omdat daar bewerings was dat hy by sy vrou se dood betrokke is.

<sup>17</sup> Neethling en Potgieter (2010:7) vir die ooreenkomste en verskille tussen die strafreg en deliktereg.

<sup>18</sup> Van der Berg (2006); Neethling en Potgieter (2010:7).

<sup>19</sup> Neethling en Potgieter (2010:3).

<sup>20</sup> Abrie e.a. (2011:110 e.v.); Boedelwet 66 van 1965.

<sup>21</sup> De Waal en Schoeman-Malan (2009:7, 11–2, 122).

<sup>22</sup> De Waal (1997:164, 166); Fitzpatrick (2003:12).

<sup>23</sup> Ook bekend as "de bloedige hand neemt geen erfenis". Vgl. De Waal en Zimmermann (2012:169, 175).

<sup>24</sup> Sien n. 32 hier onder.

<sup>25</sup> Vir 'n omvattende en deeglike bespreking van die gemeenregtelike beginsels vgl. *Ex Parte Steenkamp and Steenkamp* 1952 1 SA 744 (T) 752; Sonnekus (1997:504 e.v.); Sonnekus (2010:175 e.v.); De Waal en Zimmermann (2011:162 e.v.); Du Toit (2012:137 e.v.).

<sup>26</sup> Vgl. par. 6 hier onder.

<sup>27</sup> *Taylor v Pim* (1903) 24 NLR 484, 491; *Pillay v Nagan* 2001 1 SA 410 (D) 424.

<sup>28</sup> Vgl. die Domat-beginsel hier onder n. 88.

<sup>29</sup> Vgl. *S v Rautenbach* [2013] ZAGPJHC 105: “The taking of the life of another person is an act that is justly scorned by society. Society demands that the offender in such a case is appropriately punished.” ’n Skuldigbevinding word nie noodwendig opgevolg met ’n siviele geding nie. Vgl. *S v Ferreira* 2004 2 SASV 454 (HHA); *S v Engelbrecht* 2005 2 SASV 42 (W); *S v Marais* 2010 12 BCLR 1233 (KH); *S v Petersen*; *S v Lotter*.

<sup>30</sup> Vgl. i.v.m. erfregtelike gevolge vir moordenaars *Jonker* (1997); *Mulder* (2002); *Van Rooyen* (2012 en 2013a).

<sup>31</sup> *Ex parte Wessels and Lubbe* 1954 2 SA 225 (O); *Ex parte Vonzell* 1953 1 SA 122 (K); *Nell v Nell* 1976 3 SA 200 (T); *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N); *Leeb v Leeb* 1999 2 All SA 588 (N); *Danielz v De Wet* 2009 6 SA 42 (K); *Makhanya v Minister of Finance* 2001 2 SA 1251 (D); *Marais v Botha* 2008 ZAWCHC 111.

<sup>32</sup> Vir deeglike ontleding hiervan vgl. *Voet* 34.9.6; *Casey v The Master* 510G; *Van der Walt en Sonnekus* (1981:37); *Schoeman* (1994:114 e.v.); *Sonnekus* (1997:504 e.v.); *Joffe* (2009); *Sonnekus* (2010:177); *Lategan* (2010); *De Waal en Zimmerman* (2011:173–8); *Du Toit* (2012:137 e.v.); *Curlewis* (2012:4).

<sup>33</sup> *De Waal en Zimmermann* (2011:185); *Sonnekus* (2010:175 e.v.); *Havenga* (2006:51, 60, 65 e.v.); *Makhanya v Minister of Finance*.

<sup>34</sup> *De Waal en Zimmermann* (2011:186 e.v.); *Havenga* (2006:57, 60, 65); *Danielz v De Wet*, *Kahn* (2003:39–57); *Du Toit v Standard General Insurance Co Ltd*; *Hoare v S* 2005 JOL 15646 (T) vir sameswering om haar man te vermoor deur sy vrou, stiefseun en ’n gehuurde moordenaar vir polisgeld.

<sup>35</sup> Sake wat handel met die huweliksgoederereg sluit in *Ex parte Wessels and Lubbe*; *Ex parte Vonzell* 126B–E; *Nell v Nell*; *Casey v The Master* 506I–J waar bevind is dat die gade onbevoeg is om te erf, maar wel geregtig is op die helfte van die boedel ingevolge die huweliksreg. Daarteenoor is in *Leeb v Leeb* beslis dat die voordele verbeur kan word. Sien ook *Sonnekus* (2010:177); *De Waal en Zimmerman* (2011:178 n. 63, 182 e.v.).

<sup>36</sup> Vgl. ne. 33–5 hier bo; *Van der Walt en Sonnekus* (1992:36 e.v.).

<sup>37</sup> Eie vertaling. Sien *Van Leeuwen* 3.3.9; *Voet* 34.9.

<sup>38</sup> *Knoetze* (1998:783); *De Waal en Zimmerman* (2011:178).

<sup>39</sup> *Voet* 34.9.6 verwys na opsetlike of nalatige doodsvveroorsakers wat onbevoeg is om bevoordelings (i) *donatio mortis causa*, of (ii) enige ander regte (aansprake) te neem. *Ex parte Steenkamp and Steenkamp* 752; *Ex parte Wessels and Lubbe*; *Ex parte Vonzell* 126 B–E; *Nell v Nell*; *Casey v The Master* 506I–J.

<sup>40</sup> *Voet* 34.9.6 verwys na die onbevoegdheid van (i) erfgename of (ii) legatarisse om voordele te neem. *Ex parte Steenkamp and Steenkamp* 752; *Makhanya v Minister of Finance*.

<sup>41</sup> Die “bloedige hand” was gemeenregtelik slegs een van verskeie gronde wat onwaardigheid om te erf tot gevolg gehad het. Vgl. Knoetze (1998:784); De Waal en Zimmerman (2011:173) vir ’n volledige bespreking van die gemeenregtelike gevalle.

<sup>42</sup> 2011:174. Terselfdertyd voer hulle aan dat die reël as ’n “flexible device” aangewend kan word om onwaardigheid na nuwe gevalle buite die erfreg uit te brei.

<sup>43</sup> De Waal en Zimmerman (2011:174 n. 41).

<sup>44</sup> Snyman (2012:465). Sien ook *S v Rautenbach*.

<sup>45</sup> De Waal en Zimmermann (2011:183).

<sup>46</sup> Sien Kahn (2003) *Bloody hand! Wills and crimes*.

<sup>47</sup> *Gafin v Kavin* 1980 3 SA 1104 (W) 1107.

<sup>48</sup> *Ex parte Steenkamp and Steenkamp*; *Ex parte Wessels and Lubbe*; *Ex parte Vonzell*; *Nell v Nell*; *Casey v The Master*.

<sup>49</sup> 2012:138 met verwysing na Sonnekus (2010:177).

<sup>50</sup> Voet 34.9.6. So sal persone wat saamwoon, en die een vermoor die ander, nie van mekaar kan erf nie. Sien Jonker (1997) waar ’n jong man sy minnaar vermoor het om van hom te erf. Vgl. ook *Thomas v Clover*.

<sup>51</sup> Sien *S v Petersen* en *S v Marais* waar die onderskeie vroue saamgesweer het om hul mans te vermoor.

<sup>52</sup> SARK (1991, par. 4.5) verduidelik dat poging tot moord nie onderskei kan word van moord nie, aangesien die dader steeds die bedoeling gehad het om ’n ander dood te maak, maar nie suksesvol was nie. Sien ook *S v Laubscher*<sup>1988</sup> 1 All SA 378 (A); News24 (2013c).

<sup>53</sup> *Ex parte Steenkamp and Steenkamp* 748C; *Ex parte Vonzell* 126; *Nell v Nell* 702; *Gafin v Kavin* 1107B-C; *Ex parte Meier* 1980 3 SA 154 (T) 156; Corbett e.a. (2001:83); *Danielz v De Wet* vir aanranding met die opset om ernstig te beseer wat tot die dood geleei het.

<sup>54</sup> Van der Merwe en Rowland (1990:104 n. 95); Corbett e.a. (2001:82); De Waal en Zimmermann (2011:177).

<sup>55</sup> Voet 34.9.1; Van Leeuwen 3.3.9. Die erfgenaam word gediskwalifiseer selfs waar die dood onvoorsienbaar was: *Danielz v De Wet* 47J, 48A, 49I, 50A.

<sup>56</sup> Sien die bespreking in par. 1.3.2 en 2.3.

<sup>57</sup> Corbett e.a. (2001:82). *Ex parte Steenkamp and Steenkamp* waar ’n pa van sy kind kon erf.

<sup>58</sup> Van der Merwe en Rowland (1990:105) meen dat die beginsel dat die nalatige doodsveroorser onbevoeg is om te erf nie uitgebrei sal word na *conjunctissimi* nie. Hulle haal geen gesag vir die standpunt aan nie.

<sup>59</sup> *Ex parte Steenkamp and Steenkamp; Caldwell v Erasmus* 1952 4 SA 43 (T); *Gafin v Kavin*; Corbett e.a. (2001:81); De Waal en Schoeman-Malan (2008:124); De Waal en Zimmerman (2011:173).

<sup>60</sup> De Waal en Zimmermann (2011:177): "The basis for the disqualification is, once again, the fact that the deed constitutes an extreme form of injustice towards the de cuius."

<sup>61</sup> *Ex parte Steenkamp and Steenkamp* waar 'n kindjie van die grootouers geërf het.

<sup>62</sup> *Ex parte Steenkamp and Steenkamp* 749, 752 waar daarop gewys word dat *conjunctissimi* nie broers, susters of kleinkinders van die slagoffer insluit nie.

<sup>63</sup> *Marais v Botha; Thomas v Clover*.

<sup>64</sup> Die reël is toegepas selfs al het die oorledene (*de cuius*) niks geërf nie. Vgl. *Ex parte Steenkamp and Steenkamp*. Sien verder par. 2.3 hier onder.

<sup>65</sup> [1988] 1 All SA 378 (A). Sien ook News24 (2013b) wat berig oor 'n pa wat sy gesin vergiftig. Die man word aangekla van moord op sy agt maande oue baba en poging tot moord op sy vrou en vyfjarige seuntjie; Scholtz en Wondergem (2011) i.v.m. die hartseer en woede ná 'n pa sy hele gesin uitwis het.

<sup>66</sup> SARK (1991, par. 4.14). Vgl. Van Wyk (2010) waar Lester Abrahams tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis is nadat hy sy ouers vermoor het. Sy ouma het hom oënskynlik vergewe. Sien ook News24 (2012b).

<sup>67</sup> Cronjé en Roos (2001:181). Vgl. egter Aylwin (2010).

<sup>68</sup> Sien Jonker (1998a); Meyer (2001); Sarie (2009); Swanepoel (2010); SA Law (2011).

<sup>69</sup> Neethling en Potgieter (2010:4); De Waal en Zimmermann (2011:176). Sien ook *Ex parte Steenkamp and Steenkamp* vir die kousale verband tussen die misdaad en gevolg/voordeel.

<sup>70</sup> Voet 34.9.7; Van der Merwe en Rowland (1990:105); SARK (1991: par. 4.17); Corbett e.a. (2001:82); Neethling en Potgieter (2010:5).

<sup>71</sup> Voet 34.9.7; *Taylor v Pim; Pillay v Nagan* 423; De Waal en Schoeman-Malan (2008:119); De Waal en Zimmermann (2011:174).

<sup>72</sup> BBC (1995) "OJ Simpson verdict: 'Not guilty'".

<sup>73</sup> CNN (1997) "Jury unanimous: Simpson is liable".

<sup>74</sup> Vgl. par. 5 hier onder.

<sup>75</sup> Vir ontoerekeningsvatbaarheid sien De Waal en Zimmerman (2011:175); Snyman (2012:163, 467).

<sup>76</sup> Knoetze (1998:787); De Waal en Zimmermann (2011:169 e.v.).

<sup>77</sup> De Waal en Zimmerman (2011:189); Du Toit (2012:139).

<sup>78</sup> Voet 34.9.33. Sien ook Havenga (2006:70) wat opmerk: “The wider principle that holds that no one should be allowed to benefit from his or her own wrongdoing must be firmly established.” Sien ook Van der Merwe en Rowland (1990:106).

